

Oorwinning begin by die eerste tree

*My storie van  
hoop en bemoediging*



~ Tarina Hattingh ~

# Resensie

Tarina Hattingh, 'n 41-jarige maatskaplike werker, beskryf in hierdie aangrypende boek haar stryd teen borskanker en die diep emosionele reis wat sy tydens haar kankerstryd beleef het. Na maande van uitdagende behandelings, waaronder chemoterapie, bestraling en operasies, is sy in remissie en vol hoop en dankbaarheid. Sy deel haar storie om ander wat deur 'n soortgelyke stryd gaan te bemoedig en wys op die wonderwerke van God, wie se liefde en genade haar deur hierdie beproewing gedra het. Sy besin ook oor haar lewe en loopbaan as forensiese maatskaplike werker en die lesse wat sy oor balans in die lewe geleer het.

Tarina deel haar verhaal in alle eerlikheid met ons. Dit was aanvanklik vir my 'n saak van gebed om die boek te lees en haar met die publikasie daarvan te help, want al is ek nie lief vir huil nie, het Tarina se verhaal my talle male laat huil. Maar om te lees hoe sy aangehou veg en glo en bid het, het my nuwe hoop gegee. Met die Boesemvriendinne-projek by Solidariteit Helpende Hand gee ons ons elke jaar aan duisende vroue gebreide borsprosteses en 'n mens hoor hulle verhale net kortliks. Maar om hierdie verhaal so in diepte te sit en lees met 'n koppie koffie in die hand het my hart getref op 'n wyse wat moeilik is om te beskryf.

In hierdie boek vind jy nie net die verhaal van Tarina se reis nie, jy vind ook die hoop en die wysheid om ander vroue wat teen borskanker stry, by te staan. Tarina skryf oor haar ondersteuningsnetwerk wat bestaan uit haar man, kinders, ouers, familie en vriende. Sy vertel ook van die dokters en hospitaalpersoneel wat haar bygestaan het. 'n Mens besef dan net weer hoe belangrik hierdie netwerk van geliefdes in jou lewe is. Vir my het hierdie boek geïnspireer om 'n beter mamma te wees, om



elke oomblik van die lewe saam met my man en kind te geniet. Tarina se innerlike stryd omdat sy nie vir haar kinders daar kon wees soos wat sy graag wou nie, het vir my uitgestaan. Ons as vroue en mamas wil alles vir ons kinders gee, en die feit dat ons nie kan nie omdat ons fisies nie daartoe in staat is nie sal enige mamma se hart breek. Weereens besef 'n mens hoe nodig jy jou netwerk, jou gemeenskap het, want hulle is die mense wat daar is vir ons kinders wanneer ons nie self daar kan wees nie.

Hierdie boek is 'n verhaal van ware hoop en geloof. Die verhaal is rou en eerlik; dit is presies hoe ek vir Tarina ken. Maar ek ken nie vir Tarina as die vrou wat borskanker gehad het nie. Ek ken vir Tarina as 'n vriendin, ma, vrou, maatskaplike werker en 'n bruid van God. Borskanker was deel van haar reis hier op aarde, maar dit definieer haar nie. God se vroue val nie sommer nie; God se vroue saai hoop. God se vroue bly staan in die wildste storms en maak 'n verskil.

Ek sal hierdie boek oor en oor lees, en ek weet hierdie verhaal sal vir elke vrou waarde hê.

René Roux

Bestuurshoof: Media

Solidariteit Helpende Hand



Aan Boy Janse van Rensburg

Ek dra hierdie boek aan jou op, omdat jy so 'n  
wonderlike mens was.

Jy het jou stryd teen kanker verloor, maar moedig  
geveg tot die einde toe.

Jy was 'n inspirasie vir so baie mense, maar veral vir  
my. Jy was altyd positief en dapper en het nooit, ooit  
gekla nie. Ek sal jou nooit vergeet nie.

Ek sit hier alleen by die eetkamertafel en skryf. Dis 4 November 2023 en nog vroeg; dis 'n bewolkte oggend en my man en kindertjies slaap nog lekker vas en warm terwyl ek teruggedink aan die afgelope jaar en 'n half.

Ek kan baie slegte, moedelose dae vol trane onthou, maar vanoggend voel ek oorweldig deur intense emosies van hoop en dankbaarheid. Ek het gister, na drie maande, my eerste opvolgbesoek aan die onkoloog gehad – na maande en maande se kankerbehandeling wat gevoel het of dit nooit gaan ophou nie. Na maande en maande van naalde, trane, skanderings, sonars, bloed trek, moedeloosheid, toetse op toetse, chemoterapie, bestraling, naarheid, krampe, 'n operasie, seer, siek, ongeloof, hoofpyn, sere in die mond, geen immuniteit meer nie, woede ...

Maar vanmôre kies ek om te dink aan die ongelooflike verandering en groei wat in my lewe plaasgevind het. Vanmôre kan ek met 'n gemoed vol dankbaarheid sê ek is in remissie en ek hoef die dokter eers weer oor ses maande te sien. Ek hoef eers oor ses maande weer al die toetse en skanderings en alles wat daarmee gepaardgaan aan te pak.

**In remissie.** Nog nooit het ek gedink dat hierdie twee woorde so 'n diep betekenis en inslag in 'n mens se hele bestaan kan hê nie. Dat hierdie twee woorde soveel hoop en bemoediging kan bring en jou geloof wat soms (die meeste van die tyd) maar baie wankelig raak so diep kan wortel en verstewig nie.



Ek is oorlaai met soveel emosies wat ek nie kan beskryf nie. Een behoefte brand egter in my hart, en dit is om my oorvloedige emosie van hoop en my storie van bemoediging te deel met elkeen wat steeds besig is om 'n kankerstryd te stry. Ek wil dit ook deel met elkeen wat die stryd verloor het, elkeen wat moes beleef hoe 'n geliefde die stryd gestry en oorwin of verloor het, maar ook elkeen wat nog die pad gaan moet stap en die stryd gaan moet stry.

Hier is my storie en getuienis van 'n ongelooflike groot God van wonders, liefde, hoop en genade. Hy het nie net my lewe gered nie, maar ook my sienswyse van die lewe verander en my verhouding met Hom en my geloof vernuwe.

## 2

My naam is Tarina Hattingh. Ek is 41 jaar oud en my hele volwasse lewe lank ken ek myself eintlik maar net as 'n maatskaplike werker – iemand wat vir geregtigheid baklei en alles van myself gee om kinders en weerloses wat nie vir hulself kan opstaan nie te help. Ek het egter intussen ook die rol van vrou vir my ongelooflik goeie man, Gerrit, en mamma vir die twee wonderlikste kinders op die planeet, die 7-jarige Christelle en 4-jarige Eben, bygekry. Ek is verder ook 'n dogter en enigste kind vir my dierbare ouers, 'n skoondogter, 'n vriendin, en 'n dienaar van ons almagtige en wonderlike God en Hemelse Vader.

As ek 'n bietjie meer spesifiek kan wees – ek is 'n forensiese maatskaplike werker wat spesialiseer in ondersoeke na die beweerde en/of vermoedelik seksuele en/of fisiese misbruik van kinders. Ek lewer ook terapeutiese dienste aan kinders om hulle te help om deur die pyn en seer van verskeie soorte trauma te werk en om



hulle te bemagtig om hul emosies te ontlaai en reguleer. Ek getuig gereeld in howe vir kinders wat seksueel misbruik is, en ek word dikwels veroordeel en geboelie omdat ek veg vir geregtigheid en die beskerming van dié wat dit nie vir hulself kan doen nie. Dit is nie altyd die maklikste werk nie, maar dit was nog altyd my passie en dit is al wat ek regtig ken. Ek het nog nooit iets anders as maatskaplike werk gedoen nie.

Ek het nog altyd baie van my tyd en myself in my beroep gestort – soms dalk te veel, en ten koste van myself en my gesin. Ek besef vandag die Here het my by talle geleenthede probeer leer van balans en dat ek nie die wêreld kan red nie, al wil ek hoe graag. Hy het my by verskeie geleenthede probeer dwing om rustiger te lewe met minder spanning en meer tyd vir die mense wat vir my lief is, maar so hardkoppig soos ek is, het ek nooit aan Hom gehoor gegee nie.

En toe stuur die Here vir my die grootste stryd wat ek nog ooit moes stry. 'n Stryd waarop ek nie voorbereid was nie en wat ek nie kon beplan en struktureer soos alles anders in my lewe nie. Ek kon nie voorsorg tref nie, en ek kon nie 'n plan maak nie. Ek was uitgelewer aan al die prosesse wat moes volg en waarvoor ek geen beheer gehad het nie.

### 3

Op 24 Junie 2022 gaan ek werk toe, weer gejaagd en haastig – soos altyd. Hierdie Maandagoggend begin egter met 'n besondere spoed. Ons is weereens laat en my man kry net 'n vinnige soen en “Lief jou. Sien jou vanaand, liefste.” My seuntjie van twee gooi 'n skreeuende vloermoer in die kar omdat sy sussie vir hom kyk en hy



nie daarvan hou nie. Hy groet my huilend toe ek hom aan sy juffrou oorhandig. Ek laai my graad R-dogtertjie by die skool af en *high five* en blaas 50 keer vir haar soentjies (dit voel soms so baie). Op dié spesifieke dag wil sy net nie alleen by die skool agterbly nie.

By die kantoor is daar honderde keerdatums, 'n oorvol dagboek, en net nooit genoeg tyd vir alles wat moet gebeur nie. Ek staan 'n oomblik stil en wag vir 'n dokument om uit die fotostaatmasjien te kom. Jackie, my kollega en goeie vriendin, staan by my en vra: "Wat gaan op jou hemp aan?" Ek kyk skaam af en sien 'n groterige rooi vlek op my bloes oor my regterbors. "Ek weet nie. Dis seker 'n koki-pen of verfvlek," antwoord ek verleë. Al waaraan ek kan dink, is dat ek my bloes bemors het terwyl ek op die vloer by 'n klein kleutertafeltjie saam met die kinders gespeel het. Ek gaan badkamer toe, was dit vinnig skoon en jaag daarna voort met die dag. Toe ek die aand by die huis uittrek om te gaan stort, sien ek 'n groot, rooi bloedkol in my bra by my regterbors. Ek skrik groot, maar sê liewer niks vir Gerrit (my man) nie.

Die volgende dag gebeur dieselfde, en dié keer sien Gerrit dit ook raak. Hierdie keer is die vlek nie net rooi bloed nie, maar daar is ook 'n effens gelerige kleur in die bloederigheid. Ek maak dit af as sommer niks nie – dit is mos niks nie, want ek voel geen knoppe nie en my bors is nie seer nie? Woensdagoggend word ek wakker, weer met 'n rooi-geel afskeiding op my nagklere, maar ook 'n knop in my bors. Dis nie seer nie, maar dit was definitief nie die vorige aand daar nie. Ek vertel vir Gerrit daarvan, en hy dring by my aan om onmiddellik dokter toe te gaan. Ek weier natuurlik, want ek het nie tyd daarvoor nie; dis 'n besige dag met baie dinge om te doen.



Heeldag lank pla dit my, en ek gaan loer kort-kort in die badkamer wat besig is om by my bors te gebeur. Ek sit 'n sneesdoekie in my bra om te keer dat my klere weer vuil word en vlek, maar elke keer wat ek gaan kyk, raak die bloederige vlek op die sneesdoekie groter en groter. Ek is baie onrustig, en die aand aan etenstafel erken ek aan myself en Gerrit waarom ek nie wil dokter toe gaan nie: Ek is te bang. "Sê nou dit is kanker, wat dan?" Gerrit is rustig en kalm, soos die rots en steunpilaar wat hy altyd is. En net soos ek van hom verwag, sê hy vir my: "Ons gaan nooit weet as jy nie gaan uitvind nie. En dan hanteer ons wat dit ook al is, sodra ons verseker weet."

"Kanker" is nie 'n baie gewilde woord in ons familie nie (nie dat ek dink dat dit enigsins in ander families is nie) en daar word nooit daarvoor gepraat nie. Ons het 'n baie sterk genetiese familiegeskiedenis van kanker. My oumagrootjie, my ouma en my tannie aan my ma se kant is almal aan borskanker oorlede, en my ma het nierkanker gehad waarvan sy deur God se groot genade genees is. Ek het dus glad nie 'n goeie belewenis nie en het nog baie min positiewe stories oor kanker gehoor. Dit was maar nog altyd vir my, en ek dink vir almal in ons familie, 'n vreesaanjaende konsep.

## 4

Donderdagoggend bel ek my klankborde, my niggie Liza-Mari en my tannie Johanita, om net te gesels. Beide van hulle is bekommerd en sê natuurlik ook dat ek onmiddellik by die dokter moet uitkom. Ek weet dit, maar ek stel steeds uit. Soos ek vroeër genoem het, het my niggie haar ma en my tannie haar oudste suster aan borskanker verloor, dus is hulle ook nie te opgewonde om oor kanker of die moontlikheid daarvan te praat nie. Ek het so 'n groot behoefte om



met my ma te praat, maar ek kan haar nie bel nie; sy gaan haar dood bekommer oor my en uitfreak – of so het ek gedink, maar dit het toe nooit gebeur nie. Buitendien voel ek self maar baie bang en tranerig. Om die bobbejaan nou agter die bult te gaan haal, gaan niemand goeddoen nie. Ek bel uiteindelik my huisdokter, Lizelle du Plessis – een van die vele engele wat die Here op my kankerpad gestuur het en vir wie ek so lief geraak het. Ek kry 'n afspraak vir twee uur later op dieselfde dag. Ek probeer rustig bly, maar my senuwees knaag en ek bly myself die ergste wysmaak.

By dokter Lizelle aangekom, kyk sy na die gelerige, bloedbevlekte sneesdoekie. Ek het dit kort-kort vervang, maar teen hierdie tyd is dit al weer bloederig. Sy ondersoek albei my borste, die kliere onder beide arms, en ook die res van my lyf baie deeglik. Sy noem aan my dat sy 'n redelik groot en kommerwekkende knop in my regterbors voel – wat vir my nou selfs groter voel as toe ek die oggend wakker geword het. Sy verwys my vir 'n onmiddellike mammogram en sonar by Parklane Radiologie in Johannesburg en ook na professor Carol-Ann Benn by die Breast Care Centre of Excellence by Milpark Hospitaal. Sy meen prof. Benn is die beste in die veld en sy verwys my dadelik na haar, want sy wil geen kans vat nie, veral nie met my familiegeskiedenis van borskanker nie. Dr. Lizelle tree blitsvinnig op en maak self vir my al die nodige afsprake; al wat ek moet doen, is opdaag.

Ek voel verslae en baie bang, en ek gaan nie terug werk toe nie. By die huis gekom, probeer ek kalm en rustig wees, maar in my woed 'n storm en my binneste is erg onstuimig. Ek vra vir Gerrit om my ma te bel, want ek het net nie die moed om dit te doen nie, en ek kan dit ook nie langer uitstel nie. Die foon is op luidspreker en ek kan hoor my ma is hartseer, geskok en verslae, maar sy *freak* toe nie uit nie.



Ek dink wel sy het nadat sy die foon neergesit het. Ek hoor hoe sy vir Gerrit sê ons moet ons voorberei daarop dat die nuus dalk nie goed gaan wees nie. Daarvan is ons albei reeds deeglik bewus en die wete knaag aan ons altwee.

## 5

Die volgende dag (Vrydag) gaan ek en Gerrit, wat healtyd by my is, vir die mammogram en sonar by Parklane Radiologie in Johannesburg. Daar is dr. Schoub nie tevrede met net 'n mammogram en sonar nie en wil sommer dadelik 'n biopsie ook doen. Ek probeer om niks daar in te lees nie en maak myself wys dat dit standaardprosedure is.

Hy verdoof my regterbors met 'n klein spuitnaaldjie, en toe ek niks meer kan voel nie, druk hy 'n ongelooflike groot, dik naald in. Hy plaas ook terselfdertyd 'n merker in my bors waar die knop (gewas) is. Later verduidelik hy vir my dat gewasse dikwels "swerf" en dat jy dit nie dadelik kan opspoor wanneer jy weer daarna wil kyk of dit verwyder nie. Dit beteken verseker nie dat die gewas weg is of net verdwyn het nie, daarom word die merker ingesit. Die prosedure was glad nie seer nie. Ek het intendeel nie eintlik iets gevoel nie. Die groot naald het veel erger gelyk as wat die prosedure self was. Dit was ook vinnig verby en dr. Schoub en sy personeel het uitstekende diens aan my gelewer.

Tydens die sonar en die biopsie kyk dr. Schoub slegs op die skerm en vermy alle oogkontak met my. Wanneer hy wel iets sê, bly kyk hy steeds net op die skerm. Ek kan aan sy liggaamstaal en op sy gesig sien dat hy bekommerd is, maar ook dat hy my natuurlik nie paniekerig wil maak nie. Hy verduidelik aan my dat alles nie goed lyk



nie, en dat dinge definitief nie in orde is nie, maar dat ek moet rustig wees tot ons die biopsie se uitslae Maandag teen laatmiddag kry. Die naweek lê soos 'n berg voor my, en ek kan aan niks anders dink nie.

Die naweek sloer verby. My ouers, tannie en niggie kom kuier by ons. Almal babbel oor onbenullighede, maar niemand praat oor die oorgroot olifant in die kamer wat vir almal sit en staar nie. Almal sit brawe gesigte van ondersteuning op, bly positief en praat my moed in, maar ek is afwesig en luister nie eintlik na wat hulle sê nie. In my hart weet ek reeds wat die uitslag van die biopsie is.

Maandag kom en gaan. Dinsdag kom en gaan. Woensdag kom en gaan. En ek hoor niks. Dit voel of ek van my kop af wil gaan van bekommernis. Ek kry niks gedoen nie en kan op niks konsentreer nie. Ek bel die dokter se spreekkamer 'n hele paar keer, en elke keer moet ek hoor die uitslae is nog nie uit nie of die dokter sal my self kontak. Woensdagmiddag om presies 15:00 kom die langverwagte oproep wat soos 'n swaard oor my kop hang uiteindelik.

## 6

Op 1 Julie 2022 word ek met borskanker gediagnoseer.

Dit kan mos nie wees nie? Hoe dan nou? Ek het dit glad nie sien kom nie en geensins verwag nie. Dit was glad nie deel van my beplanning vir my lewe nie. Wat moet ek nou doen? Wat is my opsies? Wat is die eerste ding wat nou moet gebeur?

Die vrae maal deur my kop. Ek sit vir meer as 'n uur lank in die son buite my kantoor. Ek kan nie huil nie; ek kry myself nie sover om te



huil nie. Ek is net geskok. En ek dink aan so baie goed, so baie vrae voor ek uiteindelik die moed bymekaarskraap om vir Gerrit te bel.

By die huis wag Gerrit vir my, en hy hou my net vas. Toe huil ek. Ek huil en huil sonder ophou. Daar is trane in sy oë; dit is vir hom ook nie maklik nie. Hy sê nie veel nie, maar ek verwag ook nie dat hy iets moet sê nie. Wat sê 'n mens tog? Ek ken hom goed. Hy moet nou eers hierdie vuishou in ons albei se gesigte verwerk voor hy sal praat.

Gerrit bel my ouers om hulle die nuus mee te deel; ek het nie die woorde of die moed om dit te doen nie. My ma is stukkend en verpletter toe sy die nuus hoor. Ek hoor hoe sy probeer om braaf en sterk te wees vir ons, maar ek is ook 'n ma, en ek weet hoe haar hart moet voel. My pa praat nie; ek en my pa verstaan mekaar baie goed, maar ons kan glad nie met mekaar oor emosies praat nie. Ek dink nie ek en my pa het in die hele tyd een keer regtig oor die kanker gepraat nie. Maar dat hy vir my lief is, erg bekommerd is, en vir my enigiets sal doen, daarvan is en sal ek altyd doodseker wees.

Die dokter het 'n paar goed aan my verduidelik waarvan ek nie veel kan onthou nie. Dit was iets van "There are various options." en "A cancer diagnoses is not a death sentence." Ek onthou egter hy het spesifiek genoem dis redelik ernstig en ek moet die volgende dag nog by prof. Carol-Ann Benn by die Milpark Hospitaal se Breast Care Centre of Excellence uitkom.

7

Van hier af gebeur alles baie vinnig, en dit voel vandag nog soos een groot blur. Ek word die volgende paar dae tussen verskillende onkoloë



en hospitale rondgestuur vir 'n magdom toetse en skanderings. Dit was die weerloosste wat ek ooit gevoel het terwyl ek van een toets na die volgende gaan en in yskoue, kliniese ondersoekkamers staan met net 'n skrale, onvleiende hospitaaljurkie aan wat nie veel toemaak nie. Ek het vinnig agtergekom dat dit nie nou die tyd is om skaam te wees nie. Almal wat een of ander toets moet doen, maak my jurkie oop en raak aan my borste. Hulle voel minder as 'n veer vir jou persoonlike ruimte, grense en *insecurities* oor jou liggaam en hoe jy lyk en voel. Elkeen het 'n werk om te doen en is daar om jou te help. Jou samewerking maak hulle werk net makliker.

Al die mediese personeel en dokters was deurentyd professioneel en het hul uiterste bes probeer om my gemaklik te maak en minder uitgelewer en blootgestel te laat voel. Ek het nie een minuut gevoel dat ek nie in goeie hande was of goeie versorging kry nie. Ek is so dankbaar vir die ongelooflike span dokters en mediese personeel wat my gehelp het. Maar ja, ongemaklik was dit maar ongemaklik gewees.

My ma was by die huis by ons kinders terwyl ons vir 'n paar dae omtrent die heelyd in Johannesburg tussen dokters was. Ons was baie dankbaar daarvoor. Sy het die kinders se roetine, gewoontes en geite baie goed geken en het nog altyd baie maklik by ons huishouding ingepas. Die kinders was tuis en gemaklik by ouma, en ons het nooit nodig gehad om ons oor hulle te bekommer nie.

My skoonouers wat ook in Secunda woon, het nooit geskroom om 'n handjie by te sit waar hulle kon en waar ons hulle nodig gehad het nie. Die ondersteuning het van die begin af ingestroom. Mense van orals was vir ons daar waar ons hulle nodig gehad het.



Ek het uit soveel verskillende en onverwagte oorde ondersteuning, hulp en bemoediging ontvang.

Ek het reeds die dag na my diagnose 'n pragtige ruiker en geskenke van my goeie vriendinne Hanneri, Ina, Sonnika en Charlene gekry. Ons het soveel ontelbare seëninge ontvang – so baie dat ek sommige nie eens meer kan onthou nie, maar ek kan nooit genoeg dankie sê daarvoor nie, en ek koester dit en waardeer dit uit my hart.

Gerrit was elke liewe tree by my en het my nooit alleen gelos nie. Hy het ure om gesit in wagkamers terwyl ek vir die toetse en later al die behandelings gegaan het.

Die vreemde gevoel van die yskoue mediese toerusting en groot masjiene waarop ek moes lê of waarteen ek moes staan terwyl die mammogram, MRI en *CT scan* gedoen is, sal ek nooit vergeet nie. Die toets duur elke keer net 'n paar minute (die MRI was die langste), maar vir my het dit soos 'n leeftyd gevoel wat jy doodstil moet staan of lê. Dis nie seer nie – dalk 'n klein bietjie ongemaklik – maar die onbekende en onsekerheid maak dat 'n mens se kop net die healtyd met jou wil weghardloop na negatiewe gedagtes.

Ons het baie lank in wagkamers gesit en wag. Die aanhoudende gewag maak jou benoud en bang, want jy het geen idee wat op jou wag en waarop jy jouself moet voorberei nie. Dis nog 'n ding wat ek vroeg reeds op hierdie pad geleer het: Moenie haastig raak nie. "You are going to be here for a while." Maak jou gemaklik, wees rustig, en wag.



Ek het in die wagkamers altyd na al die mense gesit en kyk wat saam met my gewag het; daar is nie veel anders om in daardie wagkamers te doen nie. Ek het gewonder wat elkeen se storie is. Party mense was al baie oud; die meeste was middeljarig soos ek, en hier en daar was daar 'n jonger persoon en kinders. Vir my was die kinders altyd die ergste om te sien. Party was baie *fancy* aangetrek – regte Johannesburgse highfliers wat ongeduldig raak oor die gewag en dan ongeskik raak met die personeel wat ook maar net hul werk doen, want hulle tyd is mos baie belangriker as al die ander in die wagkamer s'n. Ander was gemaklik en netjies. Party het baie siek en maer gelyk; ander het gesond en goed gelyk. Almal van ons het egter skrikkerig gelyk. Almal van ons was in dieselfde bootjie – ons het nie geweet wat om te verwag en wat vir ons voorlê nie. Al wat ons almal kon doen, was maar net om te wag. Ure en ure se gewag maak 'n mens moeg en moedeloos en verveeld, en dan begin jy goule.

“Note to self: “Never, ever google”.



Ek het begin om orals inligting te soek oor my moontlike diagnose om myself te probeer voorberei so goed soos ek kon, maar op daardie stadium het ek nog geen spesifieke inligting gehad nie dus eintlik niks geweet nie. In my onkunde het ek met die verkeerde terminologie na inligting gesoek. Ek het so baie goed gelees wat my ontsteld en bang gemaak het. Ek sou later uitvind daar is 'n enorme verskil tussen “metastatic triple negative breast cancer” en “metaplastic triple negative breast cancer”. Metaplastic triple negative breast cancer is wanneer die kankergewas beperk is tot die een orgaan, in my geval my regterbors, en moontlik na die kliere



versprei het – dus fase 2-borskanker, soos waarmee ek gediagnoseer is. Metastatic triple negative breast cancer is wanneer dit meer na ander organe versprei het. Die prognose, behandeling en kanse op volkome herstel van metastatic kanker is 'n effe groter uitdaging. As jy egter met die verkeerde terminologie inligting soek, gaan jy heel waarskynlik op verkeerde of onakkurate inligting afkom, en dit smokkel net nog meer met jou kop.

Ek het mettertyd tot die besef gekom dat kanker in 'n mens se kop gewen word; dit is net soveel 'n kopstryd (in jou gedagtes) as wat dit 'n fisiese, liggaamlike stryd is – indien nie meer nie. My oom Boy, wat steeds sy eie kankerstryd stry, het my 'n baie groot en waardevolle les geleer – sekerlik die grootste les op my kankerpad. Sy woorde aan my was: “Werk met net die feite alleenlik. Moenie dat jou kop met jou weg hardloop voor jy weet wat al die feite is nie. Moenie groot of emosionele besluite neem voor jy nie al die feitelike inligting tot jou beskikking het en in ag neem nie. Luister na jou dokter en moenie jou ore uitleen vir ander wat dalk nie dieselfde diagnose as jy het of in dieselfde situasie as jy is nie. Vra baie vrae, maar vra dit vir die professionele mense wat met jou werk en wat jy vertrou. En bly weg van dr. Google.”

Ons het so baie raad en uiteenlopende opinies gekry. Dit het vir my gevoel of elke liewe mens wat oor my pad kom hom as 'n kankerspesialis voordoën.

Sommige se raad was bruikbaar, sinvol en is met soveel liefde, omgee en begrip gegee dat ek dit alles ter harte geneem het en dankbaar was vir elke stukkie raad en bemoediging. Ander se raad het ek maar liewer by my laat verbygaan, want dit het meer geklink na veroordeling en beskuldigings oor die “verkeerde” besluite wat



ek op my behandelingspad geneem het. Ek het besluit om die Here te vertrou in elke besluit wat ons deurentyd geneem het en waartoe Hy ons gelei het. Ek het myself verseker dat die Here nie hierdie struikelblok op my pad sou bring en my dan alleen daarmee los nie.

Ons het elke besluit met oom Boy se raad in ons harte en gedagtes aangepak en probeer om slegs met feitelike inligting te werk. Ons het sover moontlik probeer om nie emosionele besluite te neem nie al was dit soms baie moeilik. Ek het 'n ongelooflike span dokters gehad wat alles in hul vermoë vir my gedoen het en wat ek een honderd persent vertrou het. Ek het ook geglo dat die Here die regte dokters en mediese personeel uitgekies en persoonlik oor my pad gestuur het, net soos elke liewe ander mens met wie ek te doen gekry het.

Ek het deurentyd elke liewe opdrag van elke dokter en mediese personeellid presies uitgevoer en gedoen soos wat ek aangesê is en soos wat aan my verduidelik is – grootliks seker uit vrees vir die onbekende en wat gaan gebeur as ek hulle nie honderd persent gehoorsaam nie, maar ook omdat ek goed ingelig is met feite om die regte besluite te kon neem.

## 9

Na die *MRI*, *CT scan* en nog 'n paar ander toetse beland ons by die chirurgiese onkoloog, prof Carol-Ann Benn, wat my later sou opereer. Sy verduidelik 'n paar goed aan my, maar ek kan regtig nie veel onthou nie. Dis hoë mediese terme waarvan ek niks verstaan nie. Ek onthou egter baie goed dat my afspraak met haar min of meer halfagt die aand was. Sy het gedurende my afspraak daardie tyd van die aand vir



prof. Bernardo Rapoport van die Rosebank Onkologiesentrum gebel en vir my 'n afspraak gekry vir die volgende oggend.

Prof. Rapoport is die mediese onkoloog, en soos ek verstaan het, is ek eers na hom verwys vir chemoterapie. Ek sou later in die proses weer by prof Benn uitkom vir chirurgie aan my borste. Al die baie inligting was oorweldigend en ons was baie moeg – moeg gewag, moeg gedink, en moeg van bekommernis en bang wees. Ons het die aand in Kempton Park by my skoonsussie Corlia en swaer Leon oorgeslaap.

Die volgende dag, nadat ons meer as 'n uur vroeg opgedaag het, het ons ongeveer vyf tot ses uur gewag om vir prof. Rapoport te sien. Sy wagkamer was propvol mense. Ons het maar geduldig gewag. Ons boude was naderhand deuresit, maar ek het besef ek is afhanklik van hierdie dokter wat my gaan help gesond word, en ook dat ek niks belangriker is as enige van die ander persone in die wagkamer wat ook geduldig op hom wag nie; tien teen een is party van hulle baie sieker as ek. Elke minuut se wag was die moeite werd.

Prof. Rapoport is 'n baie vreemde persoon – ek dink dit is die akkuraatste manier om hom te beskryf. Ek is nou nog nie seker wat sy nasionaliteit of moedertaal is nie. Hy het aanvanklik nie vir my na 'n empatiese mense-mens gelyk nie. Hy kommunikeer baie moeilik verstaanbaar in erg gebroke Engels. Ek sou later van tyd wel agterkom dat hy 'n ongelooflike mens is met 'n goeie, mooi hart en baie vir sy pasiënte omgee, maar op daardie spesifieke dag was hy reguit, op die man af, onemosioneel, saaklik en streng. Hy het 'n patient navigator, Andrea wat altyd saam met hom sy konsultasies doen. Ek dink Andrea help hom eintlik om makliker met sy pasiënte te kommunikeer, maar sy is verseker ook die persoon wat deurentyd die menslikheidsfaktor



inbring. Sy het ons 'n mate van rustigheid en bemoediging gegee en alles wat prof. Rapoport gesê het, verduidelik. Sy het ook die meeste van ons vrae beantwoord.

Ek weet nie regtig wat het ons van die afspraak met Prof Rapoport verwag het of hoe ons gedink het dit sou verloop nie. Niks kan jou eintlik hierop voorberei nie. Dit het gelyk of ek en Gerrit tennis kyk gedurende die afspraak. Elke keer as die prof iets sê, kyk ons na Andrea om dit te verduidelik of ons te bemoediging of 'n tipe versagting van die harde werklikheid te gee.

Prof. Rapoport het aan ons verduidelik dat ek fase twee *triple negative metaplastic* borskanker het. Dit is blykbaar 'n aggressiewe kanker wat onder slegs 2% jonger vroue (onder die ouderdom van 45 jaar) voorkom. Dit is ook die gevaarlikste borskanker, omdat dit nie hormoonsensitief is nie. Hy het verder verduidelik dat ek onmiddellik moet begin met ses siklusse aggressiewe chemoterapie drie weke uit mekaar. Hy het min gepraat, maar baie inligtingstukke gegee wat ons by die huis moes deurwerk. Ons het dit oor en oor gelees. Soos ek dit verstaan het, was die plan om eers die gewas in my regterbors en kliere sodanig met die chemoterapie te krimp dat dit uiteindelik chirurgies verwyder kon word. Daar word nie dadelik geopereer om die gewas uit die bors te verwyder nie; sodoende word die kans op verspreiding beperk.

Ek het soveel vrae gehad, maar op daardie stadium kon ek aan niks dink om te vra nie. Dit was te ongelooflik oorweldigend, en my kop het net gevoel of hy nie kan of wou werk nie. Toe ek uiteindelik wel 'n vraag uitkry, antwoord die prof my in sy swaar, moeilik verstaanbare Engels: "Mrs. Hattingh, you have a very serious cancer, and if we don't treat it, you will die. But we will treat it, and you will get better."



Ek het verslae na Andrea gekyk en ek dink sy het die ongeloof en vrees in my oë gesien. Sy het agter my en Gerrit kom staan, ons aan die skouers gevat en gesê: "This is a very serious illness and diagnoses my darling, but we will look after you, and you will be cured. No, this is not going to be easy, but you can do it, and you will get better. My darling, you will lose your hair, but it will grow back. You will be nauseous a lot of the times, and you will experience a whole lot of other symptoms too. You will be very sick, but not all the time, and it will get better."

Die prof en Andrea het seker gedink ek is heeltemal stupid toe ek uit pure skok vir hulle vra of ek die chemoterapie by Dis-Chem in Secunda kan koop. Ek kon net nie dink nie. Ek was verslae en dit was die enigste vraag wat ek kon uitkry. Andrea het weereens sagkens verduidelik dat ek elke drie weke tydens my chemosiklus na die onkologiesentrum in Rosebank moet kom. Die chemo sal in 'n drup oor min of meer vier tot vyf uur binnears inloop.

Die lys nuwe-effekte van die chemoterapie wat prof. Rapoport en Andrea aan ons verduidelik het, het my so bang gemaak – baie banger vir die chemo as vir die kanker. Dit was bladsye en bladsye se leeswerk. Ek was geskok en het van paniek, vrees en ongeloof begin huil. Die prof. het my strak aangekyk en gevra: "Are you okay?" Ek wonder wat sou hy gedoen het as ek vir hom gesê het: "No, flippit, I am not okay, and I will never be okay again. Maar ek het dit nie gesê nie. Ek het al my moed bymekaargeskraap en deur die huil vir hom gesê: "Yes, I am. Let's do this. When do I start?"

Die inligtingstukke wat hy my gegee het om deur te werk, was baie volledig en oorweldigend. Dit het gevoel of ek myself moet voorberei



vir die grootste eksamen van my lewe, maar niks kon my voorberei op dit wat op my gewag het nie. Daardie aand het ons in erge verkeer en swaar reën uit Rosebank weggery huis toe. My gemoed het gevoel soos die einste weer en verkeer waarin ons was – chaoties, somber, bedruk, stormagtig en mistroostig. Al waaraan ek kon dink, was hoe ongelooflik baie ek na my kinders verlang. Ek het so daarna uitgesien om hulle te sien en vas te hou.

Op pad huis toe het ek 'n stemnota gestuur vir my ma en pa, skoonouers, my twee tannies, my skoonsussie en 'n paar goeie vriendinne. Ek onthou vaagweg dat ek gesê het: "Haai julle, ons is op pad huis toe. Dit was 'n lang en moeilike dag. Ek is siek – baie siek. Ek gaan deur die hel en terug moet gaan om hierdeur te kom, en ek gaan dit doen. Maar vir nou wil ek net huil en huil en huil."

## 10

Ek was baie kwaad vir die Here en het onophoudelik met Hom baklei. Ek het nooit in die hele tyd gevra "hoekom ek" nie, maar wel baie keer "hoekom nou?" My seuntjie was maar net twee jaar oud en my dogtertjie ses en in graad R toe ek met borskanker gediagnoseer is. Soos ander ouers lewe ons vir ons kinders en ek sal enigiets vir hulle doen. Daar is vir my niks so belangrik en kosbaar as my man, kinders en familie nie. Hoekom het die Here my nou siek gemaak? Hulle het my nog so nodig. Hulle gaan nie verstaan wat alles vir ons voorlê en waarom alles waaraan hulle gewoond is skielik drasties verander nie. Hulle gaan nie verstaan waarom ons doodnormale leefstyl nou in 'n nuwe normaal moet verander nie.

Ek het lank met myself geworstel oor die vraag of ek vir die kinders van my diagnose moet vertel of nie. Aanvanklik het ek besluit om



hulle nie te vertel nie en die hele siekwees en sleg voel wat daarmee saamgaan vir hulle weg te steek. Ek sou *fake it till you make it*. Ek het wraggies gereken dat ek hulle hierdie slegte situasie wat oor ons pad gekom het kon spaar en die siekwees kon wegsteek sodat hulle nie hoef te weet nie en sodat dit hulle nie hoef te affekteer nie.

Heelwat mense het my daarvan afgeraai en my aangemoedig om vir die kinders die waarheid te vertel. Maar hoe?? Ek het nog nie eens my eie emosies en wat besig is om in ons lewens te gebeur, verstaan nie. Ek het self nog nie aanvaar dat alles waaraan ons gewoond is, gaan verander nie, en dat ons 'n nuwe normaal sal moet prakseer nie.

Ek was so kwaad vir myself en ek kon nie verstaan waarom ek nie die woorde kon kry om met hulle, of eintlik net met Christelle, te praat nie; boetie was nog te klein. Ek is 'n maatskaplike werker en doen sulke goed al jare lank vir so baie ander mense. Ek het soveel kennis en vaardighede in die hantering van emosies oor baie jare ingewin; hoekom voel ek dan nou so dom en clueless dat ek nie eens met my eie kinders oor my siekte kan praat nie?

Ek het op daardie stadium nie net na 'n mislukking van 'n ma gevoel nie, maar ook na 'n mislukking van 'n maatskaplike werker. Ek het getwyfel in my eie vermoëns. Ek het myself verwyt en boonop ook nog skuldig gevoel oor alles waardeur ek my familie gaan sit en waardeur hulle nou moet gaan.

As ek nou sit en terugdink, klink dit so onwerklik, maar op daardie stadium het alles wat besig was om met ons te gebeur soos my skuld gevoel en ek het myself daarvoor gehaat. Ek het hoeveel aande vir die Here gevra hoekom hy toelaat dat die mense die naaste aan my nou hieraan blootgestel moet word. Ek het nie aan myself gedink



nie – ek is relatief jonk (ek is op 39 gediagnoseer) en sterk en ek het geweet ek sal hierdeur kan kom, maar hoekom moet almal vir wie ek lief is se lewens in die proses so ontwrig en omvergegooi word?

Daar sou soveel aanpassings en veranderings gemaak moes word om my te akkommodeer omdat ek sekere goed weens my siekte nie sou kon doen nie. My ma sou elke chemo-week by ons moes kom bly om ons met die huishouding en die kinders te help. My verlies aan inkomste en so baie ander laste sou op my ma en Gerrit alleen neerkom omdat ek nie sou kon werk nie: die wasgoed, die kinders, die rondry met die kinders skool toe en na aktiwiteite toe, aandag gee aan die kinders en speel met hulle, en ag, so baie ander dinge. My pa gaan alleen by die huis wees vir lang tye aaneen terwyl my ma ons gesin help en bystaan. My arme pa gaan nie sy vrou by hom hê nie en my arme kinders gaan nie hulle mamma by hulle hê soos hulle altyd gewoond was nie. Al die verantwoordelikhede en pligte sou op my arme man neerkom, en hy sou alleen moes cope met sy vrou wat nie vir hom daar kan wees nie. Ek het lank geworstel met “Hoekom nou, Here?” en ek sou later my antwoord kry.

Die naweek voor my eerste chemoterapie-sessie het ek met Christelle gepraat. Eben was nog baie klein en sou nie verstaan nie – hy het net by ons gespeel. Christelle het begin huil en my gevra of ek gaan doodgaan. Natuurlik was my antwoord: “Nee, liefie, glad nie. Wees rustig. Die dokters gaan vir mamma baie sterk en goeie medisyne gee wat my hare gaan laat uitval en dit gaan my baie siek maak, maar dan gaan ek weer gesond word en beter wees.” Ek was self nie seker of ek vir haar die regte antwoord gegee het nie, want ek het nie geweet wat gaan gebeur en of ek dalk wel gaan doodgaan nie.

My eie geloofspad en verhouding met die Here het deur diepe waters gekronkel. Ek was in my hart kwaad vir God, maar ek was nog steeds



baie lief vir Hom. Ek het Hom nog steeds gedien en geprys. Ek het probeer verstaan en myself probeer oortuig dat daar 'n doel is met die goed en die sleg wat in mense se lewens gebeur. Ek het gesukkel om met die kwaad in my hart saam te leef. Ek kry skaam om aan myself te erken dat ek gevoel het God doen my 'n onreg aan. As ek vandag terugdink, kan ek nie glo hoe selfsugtig en onvergenoegd ek was nie. God het nodig gehad om my oë oop te maak en my lesse te leer met dit wat Hy op my pad stuur, maar Hy skuld my geen verduideliking nie. Vandag is ek verleë oor my verwyte en woede van daardie moeilike tyd, maar uit God se groot genade het Hy my nogtans geseën met 'n nuwe lewensuitkyk en 'n hart wat vandag oorloop van dankbaarheid.

11

Binne slegs 'n dag is mediese goedkeuring gereël en het ek magtiging gehad om in die volgende week met chemoterapie te begin. Ek was bang en het nie geweet wat om te verwag nie. Ek het baie gelees en op Facebook by ondersteuningsgroepe aangesluit wat raad en bemoediging gee. So baie mense wat oor my pad gekom het, het vir my raad maar merendeels ondersteuning en bemoediging gegee. Elkeen het raad gehad – party meer absurd as ander. Daar was ook ongelooflik goeie raad wat ek altyd sal onthou, selfs oor ander aspekte van my lewe ook. Sommige mense het met net die beste bedoelings, my probeer aanmoedig om nie die chemoterapie-roete te volg nie maar eerder 'n meer natuurlike benadering.

Ek en Gerrit het lank gesels en besluit dat die Here ons op hierdie pad gebring het, en ons het geglo dat Hy ons nie alleen die pad gaan laat stap of ons alleen gaan los nie. Hy het 'n ongelooflike span met net die beste dokters op ons pad gebring. Ek het geglo dat die Here my nie hierdie pad



sal laat stap en my dan in die verkeerde rigting sal stuur om dit te hanteer nie. Ons het die vaste vertrouwe en geloof gehad dat ons by die regte professionele mense is om my te help en ook dat God ons die regte besluit laat neem het rakende die behandelingspad en chemoterapie, maar dit het nie sonder worsteling, vertwyfeling, en ambivalente emosies gebeur nie.

Ek het Maandag 18 Julie 2022 begin met my eerste van ses sessies chemoterapie, drieweekliks uit mekaar. Ek was maar skrikkerig en onseker. Geen mens kan jou regtig voorberei op wat wag nie, en dis een van daardie situasies waar jy maar moet spring en swem, want jy het geen ander keuse nie. Ek het geglo en gehoop dat ek teen Kersfees 2022 gaan klaar wees met my chemo en gaan gesond wees. Dankie tog dat ek nie daardie tyd geweet het wat na die chemo nog alles vir my voorlê nie. Ek was goed voorbereid gewees op die eerste sessie met 'n boek om te lees, notaboekie, oorfone en selfoon vir musiek luister, waterbottel, eetgoedjies en so meer. Ek het mos baie gelees en alle raad benut. Ek het gereken dat ek nou in die proses is, en dat ek die beste daarvan moet maak. Dis vier uur se sit, en ek gaan myself goed besig hou met boek lees, fliks kyk en musiek luister – goed waarvoor ek nooit andersins tyd gehad het nie.



My eerste chemoterapie-sessie en die  
11 sakkies medikasie wat oor vier uur ingeloopt het.



Die verpleegsters by die chemo-afdeling het soos familie geword; ek het so lief geraak vir hulle. Daar was elke keer die twee oulikste vroue wat so mooi met my gewerk het – altyd vriendelik en altyd vol ondersteuning en liefde. Een van die twee het met elke chemo-sessie vir my 'n foto geneem sodat ek die kankerchronkelpad kan onthou en oorvertel om dieselfde mate van ondersteuning as wat ek ontvang het aan ander in dieselfde situasie te bied.

So ja, toe begin die lang sit met elf sakke medikasie wat binne vier uur in my moet inloop. Die gevreesde *red devil* waarvan almal praat, was ook deel daarvan. Nie al die medikasiesakke op die drupstaander was chemo nie. Ek het ook premedikasie gekry wat glo help met die nuwe-effekte wat jy hoogs waarskynlik gaan kry. Ek het gebid toe die eerste sakkie begin inloop en ek het letterlik vir myself gesê: “Tarina, hierdie gif wat nou by jou arm intap, gaan jou siek maak en jou breek, maar dit gaan jou ook gesond maak en jy gaan heel en gesond aan die anderkant uitkom.”

Terwyl die sakkies een na die ander stadig inloop, het ek heerlik gesmul aan my Prawn Cocktail-tjippies en mini Cheddars. Ek het om my gekyk na almal wat in die lokaal gesit het. Die meeste was sonder hare, sommige met pette of hoedjies op, en ander weer met die mooiste, stylvolle kopdoeke.

Die meeste van die mense het vir my redelik siek en bleek gelyk. Niemand behalwe ek het aan iets gekou of geëet nie. En skielik wonder ek hoekom al die raad dan voorstel dat 'n mens aan iets ligs peusel en water drink tydens chemo; niemand anders eet dan iets nie? Ek sou tweeuur die volgende oggend wel deeglik verstaan waarom niemand gepeusel het nie. Hulle moes verseker almal gedink het: Die arme idioot smul nou so lekker aan haar tjippies, maar baie binnekort gaan sy ongelooflik spyt wees daarvoor.”



Toe die derde sakkie in my arm begin inloop, is al my goeie voornemens van dagboek skryf en lees daarmee heen. Dit was soos slaapmedikasie wat hulle vir my gegee het. Ek onthou die verpleegster het vir my gesê: "Okay, honey, relax now and have a good sleep." Ek het 'n metaalsmaak in my mond gekry en vas aan die slaap geraak; ek het wraggies die hele vier en 'n half uur omgeslaap.

Arme Gerrit het soos elke keer wat nog sou volg vir my in die kar gesit en wag. Hy het kort-kort deur die venster kom loer of ek nog oukei is; hy is nie toegelaat in die lokaal waar ons die chemo gekry het nie. Ek het elke keer op dieselfde stoel by die venster gaan sit sodat ek hom goed kon sien en hy vir my. Dit was die heerlikste uitskop- en slaapstoele van leer en hulle gee jou nog 'n snoesige kombersie ook. Dit was in die hartjie van die winter en ek het die kombersie waardeer al het ek my eie ook daar gehad. My eie kombersie is pragtig geborduur en my spesiale vriendin, Estie, het dit saam met die mooiste waterbottel vir my gegee. Op my waterbottel staan die woorde: "You never know how strong you are until being strong is the only option you have left." Nog nooit in my lewe het ek sulke ware woorde gelees nie, en dit is een van die vashou-gedagtes wat my deur die moeilike tye gedra het.

## 12

Ek het ook met my eerste chemo-sessie die lekkerste verrassing te midde van die slegte omstandighede gekry. Dit was omtrent 'n bittersoet oomblik. My beste en oudste vriendinne van oor die 25 jaar (nog skoolmaats) het vir my 'n pakkie by die ontvangs van die Rosebank Onkologiesentrum gelos. Marli, Esté, Marlize en Melissa ken my so goed en het vir my alles in die pakkie gesit waarvan ek hou en wat hulle geweet het my beter sou laat voel in die dae wat



kom. Dit was ongelooflik kosbaar, en weereens was ek in trane oor die super nice gebaar, en so baie spesiale mense wat vir my omgee en lief is.

Daar was so baie mense wat aan my gedink het op dié dag maar ook in die hele tyd daarna. Ek is in die dae en maande wat sou volg ongelooflik geseën op soveel verskillende maniere. Van mense wat vir ons eetgoed en aandetes gebring het tot 'n oorvloed van geskenkies en kankerspesifieke benodigdhede om die newe-effekte en simptome meer draaglik te maak.

Ek het die wonderlike boek *Chemotherapy and Radiation for Dummies* by my goeie vriend Derick gekry. Die boek het my baie geleer en ongelooflik baie gehelp. Ek het selfs 'n botteltjie dagga-olie vir pyn en die verligting van ander simptome gekry – wat ek nooit gebruik het nie. Soos Gerrit sal sê: My borshare was bietjie min daarvoor gewees. Ek was maar skrikkerig. My seuntjie, Eben, se kleuterskool wou 'n groepie saamstel sodat die mammas beurte kon maak om elke aand vir ons aandete te bring. My vriendin Elmi het die meeste oggende vir Eben by die huis kom oplaai en saam met haar seuntjies by die kleuterskool gaan aflaai en hom weer in die middag huis toe gebring. Klein dingetjies, maar dit het so baie gehelp en dinge vir ons makliker gemaak.

Die personeel by Eben se kleuterskool, Chantel, Lindi, Eireen, Caela, Dudu, Margaret en Bettie, asook Christelle se graad R-juffrou, Helen, was so goed vir ons kinders en het hulle met soveel liefde en ondersteuning hanteer. Hulle was deurentyd heeltemal oukei by die skool gewees, en daar is so mooi na hulle omgesien. Mense was deurentyd ongelooflik goed vir ons hele gesin. Ek het liefde, ondersteuning en hulp uit alle oorde ontvang, en selfs mense met wie ek in jare geen kontak gehad het nie, het weer bande opgetel



met my. 'n Klomp nuwe vriendskappe is in die proses gevorm, maar baie ou vriendskappe is ook weer afgestof en het 'n nuwe baadjie gekry – net nog meer en meer seëninge wat God te midde van 'n slegte tyd mildelik aan my gegee het. Dankbaarheid-*overload*.

## 13

Na die laaste sakkie ingeloopt het, het die vriendelike verpleegster my wakker gemaak en Gerrit het my kom help om my goed kar toe te neem. Ek het dronk in my kop, moeg en dik geslaap gevoel, maar glad nie sleg, naar of siek nie. Ek het die hele pad huis toe geslaap. By die huis was my ma en kinders baie opgewonde om my te sien. My ma het die *kiddies* klaar gebad en kos gegee, reg vir bed. My ma is net die grootste staatmaker ooit en ek weet nie hoe ons hierdie pad sonder haar sou kon stap nie.

Ek het by my gesin op die bank gaan sit, half dronk en aan die slaap, en my kinders het styf teen my opgekrul asof hulle instinktief geweet het dat dit 'n lang en moeilike dag was.

Dit het vir my gevoel of ek so twee treë bo die grond sweef van die duiseligheid en dronkheid in my kop. Ek was nogal moeg en ook reg vir die bed, maar ek onthou dat ek nog by myself gedink het: Ag nee wat, hierdie is glad nie so erg nie; as dit is hoe chemo gaan wees, *then bring it on*. Ek is reg vir jou. Chemo se gat.

My bravade was egter van korte duur. Ek vermoed iets in daardie premedikasie vertraag die simptome, want gelukkig kry 'n mens darem genoeg tyd om net eers by die huis te kom voor die newe-effekte hulle opwagting maak. (Dis net my teorie; ek weet nie hoe waar dit is nie.)



Teen tweeuur die volgende oggend tref die chemo se newe-effekte my soos 'n ton bakstene reg voor die bors. Dis die ergste hoofpyn wat ek nog ooit in my hele lewe gehad het; dit voel of my kop wil bars. Die vreeslike naarheid kan 'n mens nie beskryf nie, en dit voel of dit nooit gaan weggaan nie. Ek probeer opgooi, maar niks kom uit nie. Die term *nausea without vomiting* wat ek in al die inligtingstukke raakgelees het, kry nuwe betekenis. My hele lyf pyn. Ek dink ek voel soos iemand wat onttrekkingsimptome van 'n dwelmafhanlikheid kry, en my bene en maag kramp. Die trane loop spontaan by my oë uit en ek kan dit nie keer nie.

Gerrit en my ma sit by my op die bed, maar hulle hande is afgekap. My ma bring koue lappies vir my voorkop. Gerrit google wat ons kan doen om verligting te bring. Teen halfses is Gerrit aangetrek en wag vir agtuur om 'n apteek oop te kry sodat hy vir my iets kan kry wat verligting kan bring. Ons is heeltemal onkant betrap deur die vlaag chemo-newe-effekte en het geen medikasie in die huis wat sterk genoeg is nie, want "Ek is mos sterk, die chemo gaan my nie siek maak nie. I've got this." Haha! *You've got another thing coming.* Hierdie newe-effekte het my gelyk met die grond gemaak.



Teen sesuur toe die son sy kop begin uitsteek, is ek stokfloumoeg en voel steeds baie naar en sleg. Die kinders word soos elke ander oggend op presies dieselfde manier deur pappa en ouma wakker gemaak, elkeen met hulle warm Milo. Alles word vir hulle presies dieselfde gedoen as wat ek dit sou gedoen het. Pappa en ouma is *champs* en het alles onder beheer, maar die oggend verloop maar hakerig en nie te goed nie.

Albei kinders is huilerig en soek na my terwyl ek in die kamer op die bed lê en krul van pyn en naarheid. Eben gooi 'n erge vloermoer en wil nie hê ouma of pappa moet hom aantrek nie. Christelle is moeilik en huilerig terwyl my ma haar hare kam en vasmaak. Ek hoor hoe sy sê: "Nee, ouma, dit is nie reg nie. Jy moet dit nie so vasmaak nie. Dis nie hoe mamma dit doen nie. Ek soek vir mamma."

In die aande met bedtyd huil altwee dat ek by hulle moet gaan lê tot hulle aan die slaap raak; ek en Gerrit het dit nog altyd gedoen en hulle is gewoon daaraan. Hulle is egter glad nie alleen nie – ouma lê by Christelle en pappa lê by Eben. Hulle kry so baie liefde en aandag en my ma en Gerrit hanteer hulle so ongelooflik goed. Ek voel steeds so sleg en naar en kan nie eens my kop van die kussing af opgelig nie, maar ek hoor hulle: "Mamma, waar is jy? Wanneer kom jy, Mamma? Mamma, kom lê by my. Mamma, ek soek jou."

My hart breek vir my kinders, my man en my ouers. Ek voel verantwoordelik vir die goor tyd waardeur hulle nou moet gaan. Ek voel skuldig oor die ontwrigting wat ek in hulle lewens en in ons huishouding veroorsaak. Ek voel soos 'n las vir my ma en my man, en



ek voel *useless* as mamma vir my kinders wat my so nodig het. Ek is bitter en kwaad vir die Here. Ek baklei en stry met Hom. Ek het baie vrae: "Hoekom, Here? Hoekom sit U my mense hierdeur? Hoekom laat U toe dat hulle nou deur hierdie ontwigting en sleg moet gaan? Hoekom kan ek hierdie ding nie net alleen dra nie? Hoekom moet dit hulle ook so erg raak? Hoekom? Hoekom? Hoekom?"

Die kinders het 'n ongelooflike pappa, twee oumas, twee oupas, baie familie, oulike juffrouens en maatjies wat vir hulle baie lief is en omgee en enigiets vir hulle sal doen. Almal ondersteun hulle, maar hulle is nog so jonk en klein. Hulle het 'n mamma nodig, ongeag hoeveel ondersteuning hulle kry. Die ambivalente emosies, die gedagtes wat heen en weer in my kop rondmaal, maak my mal en gedaan. "Ek is *useless* en die slegste ma ooit. Hoe kan ek dit aan my mense doen?" vs. "Dit is nie jou skuld nie, Tarina. Jy het nie hiervoor gevra nie en jy is nie *useless* nie."

Die ergste van alles is die sielestryd waarin ek verstremgelyk is. Ek baklei fisies, emosioneel en geestelik onophoudelik met myself.

## 15

Teen halfsewe ry Gerrit om die kinders weg te vat skool toe. Hulle is steeds huilerig en kan nie verstaan waarom ek hulle nie skool toe vat soos wat dit die meeste van die tyd die geval was nie. Nadat hulle gery het, slurp die oorweldigende emosies my op en spoeg my uit. Ek sit **man (woman) down** op die vloer en huil, huil, huil ... My ma sit by my op die vloer en huil net so baie, want sy weet nie wat om vir my te doen nie. Maar sy sê: "My kind, kom ons bid vir krag van die Here af. Kom ons vra vir net genoeg krag om die volgende treetjie te



gee. Kom ons bid vir krag om ons net deur die volgende uur te kry, en daarna deur die volgende dag. Mōre sorg vir homself.”

Ek wil nie bid nie. Ek was kwaad vir die Here. En waarvoor moet ek bid? My belewenis en verwysingsraamwerk van kanker is nie te rooskleurig nie. Ek weet presies wat gebeur met mense wat kanker het. Ek het gesien hoe swaar my ouma Cattie en my tannie Elna gekry het voor hulle uiteindelik aan kanker dood is. Ek het op 13 elke aand na my ouma omgesien as sy siek en naer was van die chemo. Ek onthou baie goed hoe ek elke aand as jong kind by my ouma in die bed geslaap het. Ons het reg langs ouma Cattie-hulle gebly, maar ek was meer by haar as by my eie huis gewees.

Ek het myself wysgemaak ek is haar versorger, wat natuurlik nie die geval was nie, maar ek en ouma het na mekaar omgesien. Ons het 'n baie spesiale verhouding gehad. Dit voel soos gister wat ek vir ouma Cattie haar spoegbakkie (soos sy dit altyd genoem het) gebring het wanneer sy so naer was en sleg gevoel het, wat ek haar voorkop met 'n warm waslappie afgevee het, vir haar sop gemaak het, en haar spoegbakkie, waarin daar die meeste van die tyd net gal of spoeg was, uitgespoel en weer vir haar gebring het. Ek het ook elke aand met 'n besem onder die bed geslaap om ouma te beskerm as daar dalk 'n inbreker sou kom.

Ek onthou hoe ek en ouma Cattie vir ure lank aanmekaar uit die jeugsangbundel en die blou *Sing onder mekaar*-boekie gesing het. Ek het altyd die liedjies gekies, partykeer tot tien op 'n aand, en ek en ouma het ons harte uit gesing. Ouma se gunstelingliedjie was “O Heer my God” en ons het hom elke aand gesing. Ouma het die Here midde-in haar diepste stryd geloof en prys. Sy was 'n merkwaardige vrou, maar die Here het haar ook baie sterk gemaak.



Ek het gesien hoe die kanker my ouma verteer, maar steeds het sy bly sing en jubel:

O Heer my God as ek in eerbied wonder  
En al U werke elke dag aanskou  
Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,  
Hoe U dit elke dag so onderhou ...  
Dan moet ek juig, my Redder en my God!  
Hoe groot is U, hoe groot is U!

Ouma het haar stryd moedig en dapper tot die einde gestry. Daar sal nooit weer iemand soos sy wees nie, en ek onthou haar vir die held wat sy vir my was.

## 16

Terwyl ek en my ma daar op die vloer sit en huil het, het ek geen hoop gehad nie. My hoop was ver weg en die realiteit wat ek op daardie oomblik beleef het, het my in die gesig gestaar. "Ek gaan doodgaan!" het dit binne-in my gegalm. Mense met kanker gaan dood. Hoe kan dit vir my anders wees? Hoe kan die Here dit aan my onskuldige kinders doen? Ek dink glad nie ek is so belangrik nie, maar daar is tog mense wat my nog nodig het en wat baie lief is vir my. Ek het so baie vrae gehad, ek het so baie wrokke in my hart rondgedra.

Ek kry so skaam om die emosies wat ek op daardie stadium (en nog baie daarna) beleef het, neer te skryf. Wat het ek gedink? Wie is ek om die Here so te betwyfel en antwoorde te eis? Wie het my die reg gegee om die Here se besluite te bevraagteken? Ek was nie geregtig op enige verduideliking of antwoorde van die Here nie. Hy is God, die Allerhoogste en die Almagtige; Hy weet die beste.



My ma het haar yskoue, sagte hande om my gesig gevou terwyl sy self baie hartseer gehuil het en vir my gesê: "My kind, ek gaan nie vir jou ook verloor nie. Ons gaan hierdeur baklei, stukkie vir stukkie, maar ons gaan daardeur kom." Ons harte was seer, maar ons gemoed was vol, want op daardie stadium het die Here kalmte in my gemoed gebring. My ma het gebid en ons het net stil by mekaar gesit en mekaar vasgehou. Ek het weer soos 'n klein dogtertjie op my mamma se skoot gevoel. Dis darem so waar: Maak nie saak hoe oud jy word nie, as jy nie lekker voel nie, het jy jou ma nodig. Ek is net so dankbaar dat sy die pad nog saam met my kon stap. Al was my pa nie fisies daar en by my nie, was sy hart, gedagtes en bekommernisse heeltyd by my en ek het geweet dat hy daar is vir my.

17

Gerrit het tuis gekom van die skool en die apteek af. Ek het nou die regte sterkte medikasie om die neue-effekte 'n paar houes terug te gee. Hy tap vir my 'n warm bad en ek lê daarin terwyl hy by my sit en gesels. Die hitte maak my seer lyf en krampe sommer baie beter. Daarna gaan lê ek op die bed en raak aan die slaap. Die gevreesde witbloedselinspuiting volg om negeuur wanneer die tweede *bulldozer* van neue-effekte my moontlik gaan tref – wat toe ook gebeur.

Ek moes die oggend na elke chemo-sessie 'n witbloedselinspuiting kry om my witbloedselle wat deur die chemo vernietig is aan te vul sodat my witbloedtelling weer in orde is vir die volgende sessie chemo drie weke later.

Daardie verdekselse inspuiting was ook maar 'n tawwe kalant om deur te werk, en hy was die een wat grootliks verantwoordelik was vir die



erge krampe in my bene en maag. Met die volgende chemo-sessies het ons slimmer geraak. Gelukkig was dit winter en die elektriese kombors het my nuwe beste vriend geword. As ek op hom gelê het, was die krampe baie beter. En 'n koue waaier wat in my gesig gewaai het, het gehelp vir die naar. Ons het mettertyd geleer wat help die beste vir al die verskillende tipes chemo-nuwe-effekte en vir my medikasie *opgestock*.

My ervaring na die eerste chemo-sessie was hel wat ek nie kan beskryf nie. Ek het gehuil en gewonder hoe ek dit nog vyf keer gaan kan doen. Gerrit het langs my op die bed kom sit en vir my gesê: "Liefste, jy gaan dit doen, want jy het nie 'n ander keuse nie. Jy gaan weer en weer vir nog vyf keer hierdie chemo kry, want dit is wat ons moet doen om jou lewe te red en om jou gesond te kry. En as jy dit nie kan doen nie, gaan ek jou daardeur sleep. En ek sal elke tree by jou wees sodat jy dit kan doen. Maar doen gaan jy dit doen. Ek is nie gereed om jou te verloor nie. Jy is nie net my vrou nie, jy is my maatjie, en ek het jou so nodig." Dit was die spesiaalste oomblik wat ek nog beleef het. Nie eens die *I do*-oomblik op ons troue kom naby hierdie ongelooflike oomblik en diep konneksie met my man nie. Hy is regtig lief vir my – *in sickness and in health* – en ek vir hom.

Ek het die trane in sy oë gesien, maar hy was sterk vir my en het my styf vasgehou. Ek het Gerrit nog baie min sien huil; hy is altyd sterk en in beheer van sy emosies. Hy word nie uitermatig kwaad of hartseer nie en is nooit oorstelp van blydskap nie. Hy is net Gerrit – altyd dieselfde, altyd betroubaar en in beheer, altyd 'n steunpilaar waarsonder ek nie kan klaarkom nie.

Net daar en dan het ek besluit ek kan dit doen en ek gaan dit doen – nie net vir my nie, maar hoofsaaklik vir my mense wat vir my lief is.



Ek gaan nog vyf keer hierdeur gaan, want ek doen dit nie alleen nie; ek het so baie ondersteuning en liefde van mense wat saam met my daardeur gaan.

Net so kwaad as wat ek vir die Here was, het ek skielik berusting, moed en hoop gekry met die wete dat Hy my genoeg krag vir elke dag sal gee en dat ons die berg tree vir tree sal klim.



18

Net 'n rukkie later dieselfde dag kry ek 'n WhatsApp-boodskap van my goeie vriendin Engela: "Maybe you have been assigned this mountain to show others that it can be climbed and overcome." Dit is my finale bevestiging dat God 'n doel het met elke gebeurtenis in ons lewe, en al is dit hoe moeilik, sal Hy ons nooit meer gee as wat ons kan dra nie. Daar waar ons nie kan nie, sal Hy ons dra. Ek dink onwillekeurig aan die twee rye voetspore in die sand wat een ry geword het soos wat God ons dra. Soms dink ek wel dat God te veel van my dink en verwag, en ook dat ek sterker is as wat ek self soms



voel. Met God by my, is ek egter tot enigiets in staat en Hy sal my die krag en genade daarvoor gee.

Die eerste vier dae van 'n chemo-siklus is nie 'n piekniek nie. Ek het elke keer so siek gevoel soos nog nooit vantevore in my lewe nie, maar na daardie eerste vier tot vyf dae raak dit baie beter. Die newe-effekte gaan dan amper heeltemal weg, en net 'n geringe hoofpyn en 'n bietjie naarheid met tye bly oor. Ek was moeg en my energie was min, maar ek het die vooruitsig gehad om twee weke lank stukke beter te voel voor die volgende chemo-sessie.

Die eerste sessie was verby. Ons is daardeur, en alhoewel dit rof was, was niks in die hele proses ooit so erg soos wat ek gedink het dit gaan wees nie. Die Here maak jou sterk en aanpasbaar. Dis ook maar soos om geboorte te gee – baie seer, maar jy vergeet vinnig daarvan en kry jouself weer reg vir die volgende sessie.



Sessie twee en sessie vyf van chemoterapie



Ek het tot die besef gekom dat elke chemo-sessie gaan rof wees, maar dat dit nie die hele tyd aanhou nie; dit word weer beter, ek moet net 'n paar dae vasbyt. Dit het my tot 'n groot mate gehelp om my gedagtes op 'n beter plek te kry. As jou kop op 'n beter plek is, maak dit dat jy weer en weer kans sien en kan aanhou.

**Kanker word in jou kop gewen!!!** As jy moed opgee en ophou veg en positief wees, gaan dit baie moeilik wees om die stryd te voltooi, maar as jy jouself positief probeer hou (jaaaaa, baie makliker gesê as gedaan), raak dit makliker.



Ek maak in my storie so baie melding van al die ongelooflike ondersteuning wat ek ontvang het, en dit voel vir my of ek nie genoeg daarvan kan vertel nie, want dit was net so oorweldigend en het my deurgedra. Ek het in verwondering gestaan oor hoe baie mense omgee en liefde op soveel verskillende maniere betoon – maniere waaraan ons nie eens gedink het nie. Mense het allerhande klein en groot dinge vir ons gedoen, maar uiteindelik het alles groot gevoel, want elke gebaar het die las ligter gemaak. So bring die Here mense (engele) oor jou pad om jou las ligter te maak en jou hande sterker te maak. Hoe kan ek met soveel liefde en ondersteuning dan anders as om positief te probeer bly en myself te bly oortuig dat ek nog vyf keer deur die chemo-proses kan gaan?



Presies dertien dae na my eerste chemo-sessie voel ek stukke beter en het meer energie. Ek en die kinders is alleen by die huis; Gerrit werk dagskof. Die kinders is reeds wakker en speel in die TV-kamer met blokkies. Ek gaan stort en was my hare. Toe ek afkyk, staan ek met 'n hand vol hare wat uitgeval het.

Ek het geweet hierdie oomblik gaan kom en ek het myself goed daarop voorberei dat my hare gaan uitval. Ek het nog my hele lewe redelik kort hare; ek het nooit van lang hare gehou nie en het dus nog nooit veel moeite daarmee gedoen nie. Dit is altyd skoon en netjies, maar kort om maklik hanteerbaar en min moeite te wees. My hare was regtig nog nooit so belangrik vir my nie, daarom het ek nie gedink dit sou my so erg pla nie.

Die fratsgolf van uiteenlopende emosies spoel egter weer oor my terwyl ek in die stort staan en na die klomp hare in my hand kyk met water wat oor my kop en gesig spoel. Ek het hierdie oomblik verwag en gedink ek is goed genoeg voorbereid daarop, maar skielik voel dit amper vir my of die harde werklikheid van my kankerdiagnose nou eers tot my deurdring. Ek was nog die heeltyd in ontkenning, maar *now it finally hit home*.

Ek maan myself aan om beheer te kry oor my emosies, en dit moet vinnig gebeur, want ek moet sterk wees vir die tweetjies wat ewe rustig in die voorhuis speel. Ek gaan sit op die vloer van die stort, en 'n mengsel van water en onwillekeurige, onkeerbare trane loop oor my wange. Dis nie lank nie of Eben kom soek my by die deur van die badkamer. Ek sluk die trane vinnig. "Kry beheer, Tarina, en *fake it till*



*you make it,"* sê ek vir myself. Nie een van die twee is egter stupid nie en hulle wil weet waarom ek hartseer is. Op daardie oomblik besef ek dat maatskaplike werkers se kinders terselfdertyd geseënd maar ook gestraf is met 'n goed ontwikkelde sin vir emosionele bewustheid en om besonder bewus te wees van ander (veral die persone die naaste aan hulle) se emosionele funksionering, behoeftes en ingesteldheid.

Ek besluit op die ingewing van die oomblik om vir die kinders te wys dat my hare begin uitval; ek het hulle daarop voorberei. Ek vertel weer vir Christelle (Eben is besig met sy eie speletjie en nie regtig deel van ons geselsie nie) dat die medikasie wat die dokter my gee my nie net gesond gaan maak nie, maar ongelukkig ook 'n paar slegte goed gaan laat gebeur, soos om my siek te maak en my hare te laat uitval. Sy is geskok en baie besorgd oor my. Ek kan sien sy lyk angstig en gespanne, maar met die Here se genade dink ek vinnig en maak 'n grappie.

Ek begin lag, dalk bietjie *fake* maar darem goed genoeg om hulle te oortuig, en vra vir hulle: "So wie van julle twee gaan vanaand my hare met die knipper afskeer? Ons kan lekker *funky* patroontjies inskeer, en julle mag maar lekker vir mamma lag as ek *funny* lyk". Ek verduidelik dat ek anders gaan lyk, maar dat ek mussies gaan dra sodat my kop nie koud kry nie. Albei kom aanvanklik 'n bietjie gespanne voor, maar na lekker *jokes* en 'n stoei- en kieliegeveg lag altwee en kan nie wag dat pappa by die huis moet kom, sodat ons met projek hare afskeer kan begin nie.

Ek stuur vir Gerrit 'n WhatsApp om hom te vertel van die hare en ook om hom voor te berei dat dit vanaand die aand is wat die hare moet waai. Ek het hom al vroeër gevra of hy my daarmee sal help wanneer dit begin uitval. Ek het vooraf besluit wanneer my hare begin uitval,



moet ons eerder alles op een slag afskeer om te verhoed dat ek elke keer omgekrap word as die hare stuk-stuk uitval.

Die aand skraap ek al my moed bymekaar om die haarskeerdery aan te durf. Ons is al vier saam in die badkamer terwyl ek oor die bad gekniel staan en Gerrit my hare afskeer. Christelle lyk weer effe skrikkerig, maar Eben dink dit is 'n moewiese grap. Eben se gemoed help definitief om die atmosfeer te lig en kort voor lank sit ons al vier op die badkamervloer en skaterlag. Die Here het 'n baie emosionele en swaar gebeurtenis in sy hande geneem en omgedraai in 'n baie spesiale oomblik vir ons gesin wat my altyd sal bybly.

My ma het in die tussentyd al klaar vir my sulke oulike, sagte materiaalhoedjies gemaak met 'n klomp verskillende blommetjies wat ek aan die kant van my kop op die hoedjie kan vassteek. Dit was stylvol en pragtig en my ma het soveel moeite en liefde daarin gesit. Dit was 'n heel nuwe look om aan gewoon te raak, maar dit het nie te onaardig gelyk nie. Dit was in die middel van Julie en baie koud, so die mussies het eintlik heerlijk gewerk. Ek het ook snags met my mussie geslaap, want my kop het baie koud gekry.

Uiteindelik het al my hare begin uitval – ook my beenhare, onderarmhare en tot 'n mindere mate my wimpers en wenkbroue. Ek het gereeld sulke simpatieke kyke van mense gekry in winkelsentrums en by die kinders se skole, en eintlik enige plek. Ek weet almal het dit sekerlik goed bedoel en jammer gevoel vir my, maar ek het dit gehaat en dit het my baie selfbewus laat voel. Dit het vir my gelyk soos "*shame*, sy het kanker en is seker besig om dood te gaan"-kyke. Dit het gevoel of almal my in 'n bolletjie watte wou oprol en oppas dat ek nie breek nie.



Ek het dit gehaat. Ek wou so graag net weer gewone, normale, *boring* Tarina wees – Tarina sonder 'n siekte, en sonder dat mense my moet jammer kry en oppiep. Ek wou net weer die normale lewe, roetine en struktuur waaraan ons gewoon was, terugkry. Ek wou weer onafhanklik wees en goed vir myself doen. Ek het al die baie ekstra hulp en ondersteuning en liefde uit soveel oorde so baie waardeer, maar terselfdertyd het dit my ook swak en opgebruik laat voel – asof ek niks meer werd was nie en niks vir iemand beteken het of vir myself kon doen nie. Ek het gelukkig later besef dat dit natuurlik nie die waarheid is nie, maar net die duiwel wat my wou laat twyfel in wie ek nog steeds is ongeag my kankerdiagnose.

Al die bykomende hulp en ongelooflike omgee was definitief iets om aan gewoon te raak. Ek was altyd so onafhanklik en trots en het byna nooit hulp gevra of aanvaar nie. Ek het mettertyd aanvaar dat ons situasie ons nuwe normaal geraak het en dat ek daarby moes aanpas. Ek het ook geleer dat dit nie 'n skande is om vir hulp te vra of om dit te aanvaar as dit aangebied word nie.

## 20

Ses maande van drie-weeklikse chemo het verbygesleep. Elke chemo-week het my ma by ons kom bly om met die huishouding en die kinders te help al was Gerrit een honderd present in beheer en kon die kinders en die huis toe oë hanteer.

Met elke chemo-sessie het die newe-effekte erger en meer geword. Die dokter het aan my verduidelik dat die newe-effekte kumulatief is en erger raak namate my liggaam verswak en afgebreek word. Ek kon dit verseker voel. Ek was nooit regtig lus om te eet nie; alles het soos



blik geproe en het my later naar gemaak. My energie was baie min en ek was heelyd moeg. Ek is nie iemand wat iets stadig kan doen nie – as iets moet gebeur, moes dit gister al afgehandel gewees het. Ek was dus erg geïrriteerd en gefrustreerd en moet met spyt erken ek het dit altyd uitgehaal op my huismense wat die naaste aan my hart is. Vasbyt was moeilik, maar ek het myself nie 'n ander keuse gegee as om vas te byt en uit te hou nie.

Ek het my ma en Gerrit laat belowe dat hulle my steeds op die dae wat ek beter voel sal toelaat om goed te doen en my normale manier van lewe vol te hou, en dit het hulle wel gedoen. In die laaste week van die drie-weeklikse chemo-siklus het ek gewoonlik baie beter gevoel en dan het ek goed in die huis gedoen. Ek het ook die kinders skool toe gevat en gaan haal, baie met hulle gespeel en hulle gehelp, en ek het normaal aangegaan. Ek het egter nie in hierdie tydperk gewerk nie. Die dokter het sterk aanbeveel dat ek nie werk nie omdat ek met jong kinders werk wat uit skole kom; hulle is klein kiemdraertjies en kon my maklik siek maak, omdat ek geen immunstelsel gehad het nie.

## 21

Een oggend het ek baie goed gevoel en ek het self die kinders by die skool gaan aflaai. Ek het Eben reeds afgelaai en ek en Christelle was op pad na haar skool toe. Christelle is my kreatiewe dromer-kind met 'n lewendige verbeelding. Sy het 'n baie fyn oog vir detail en sien die mooi in elke situasie raak, maar spesifiek ook die wonder van God se skepping in alles om haar. Dit was gedeeltelik bewolk en die son het gesukkel om agter die wolke uit te kom, maar die goue randjie om die wolke was pragtig en duidelik sigbaar. Opgewonde sê sy: "Mamma, kyk net hoe mooi is die son. God is darem maar



ongelooflik wonderlik." Ek kyk op en besef skielik ek het nooit tyd gemaak om regtig na die sonsopkoms en al die ander mooi in God se skepping te kyk nie.

Ek het nog nooit 'n mooi sonsondergang of -opkoms waardeer of regtig raakgesien vir wat dit is nie. Alles was nog altyd net te gejaagd en te besig gewees om tyd te maak om die goue randjie agter die wolke te bewonder en om paar sekondes te neem en die mooi om ons in te neem en te waardeer.

Christelle doen dit. Sy sien die mooi in absoluut alles raak. My 6-jarige met haar pragtige, opregte, omgeehartjie het aan my die antwoord gegee waarvoor ek so lank gebid en wat ek van die Here afgesmeek het. Ek het daardie oggend tot die besef gekom wat die Here al baie jare vantevore aan my wou openbaar. Maar ek was so besig om in my eie rigting in te foeter dat ek nooit stil genoeg geword het om regtig God se stem te hoor en na Hom te luister nie.

Ek was altyd te besig om genoeg aandag en liefde te gee aan myself en die mense naaste aan my. Daar was altyd iemand anders wat my nodiger gehad het en wat belangriker was as ek, my geliefdes en my lewe. Ek dink ek het nog altyd my bes probeer om 'n goeie mamma vir my kinders en vrou vir my man te wees, maar ek was nie. Ek was so besig om die wêreld te probeer red dat ek net altyd die dag se laaste bietjie afskeep-aandag aan my man en kinders kon gee.

Die Here het telkemale vir my waarskuwings gestuur. Ek het 'n paar keer siek geword; longontsteking en brongitis het my gedwing om af te skaal en rustiger te raak. Die depressieduiwel het my 'n paar keer van alle kante af probeer oorrompel. Ek het meer as een keer dreigemente gekry dat my kinders en familie in gevaar sou wees as



ek sou voortgaan met die forensiese ondersoek waarmee ek besig was. Elke keer het ek die voorneme gehad om my leefstyl te verander en minder gejaagd en gespanne deur die lewe te gaan. Ek het soms tot agt Nurofen-tablette op 'n dag gedrink om ontslae te raak van die ontsettende hoofpyn wat spanning en angs aan my gegee het. Ek het egter nooit na die Here geluister en afgeskaal nie. En toe laat die Here toe dat kanker my pad kruis.

Daardie oggend op pad skool toe saam met Christelle het ek beseft die Here kon my oor 20 jaar eers laat siek word het – wanneer my kinders groot en uit die huis uit is. Dit sou dalk logisties 'n beter tyd gewees het om siek te word (nie dat enige tyd eintlik 'n goeie tyd is nie), want dan is my kinders selfstandig en het my nie meer so nodig nie. Kan jy glo dat ek op daardie stadium gedink het dat hulle my dan nie meer sou nodig hê nie! Ek kan net terugkyk en lag vir die absurde goed wat ek in daardie tye gedink en myself wysgemaak het. As die Here my egter oor 20 jaar eers sou siek gemaak het, dan het ek vir die volgende 20 jaar nog steeds aanhou jaag deur die lewe, “never stopping to smell the roses or to see the beautiful sunsets.”

Ek sou alles wat so belangrik is in my kinders se kleinwees- en kinderjare gemis het. Die Here (dink ek en glo ek) het my nou siek gemaak terwyl my kinders twee jaar en ses jaar oud is sodat ek kan ontdek waaroor die lewe eintlik regtig gaan en die waarde van die lewe beseft en sodat ek elke kosbare sekonde kan wy aan die mense wat vir my lief is. Sodat ek nou herinneringe kan bou, nou kan speel en lag tot my maag pyn vir *silly* kindergrappies en -speletjies. Sodat ek nou iets kan beteken vir dié wat my liefhet, want môre is vir nie een van ons verseker nie, maar dalk, as ons gelukkig is, net geleen.



Ek het soos Confucius tot die besef gekom: "We have two lives; the second begin when we realise we only have one."

Ek het uiteindelik vrede in my hart gekry oor waarom ek NOU moes siek word. Dit is om te verstaan en te waardeer wat ek het, en om elke oomblik daarvan te *embrace*, want as die Here my op 60 jaar siek gemaak het, het ek al die wonderlike klein maar belangrike dinge in my en my man se lewens en ons kinders se grootwordjare gemis. Ek het 'n rustigheid oor my gekry en ek was dankbaar vir my openbaring en antwoord van die Here af.

## 22

Die tyd het stadig maar seker verbygestap. Ons het probeer om elke dag so normaal as moontlik aan te pak en voluit te leef. Die dae wat ek goed gevoel het, het ons baie dinge as gesin saam gedoen – soos ons gewoonlik naweke gedoen het. Ons het die kinders in hul gewone roetine probeer hou om hulle nie te veel te ontwig nie. Dit het eintlik die hele tyd baie goed met die kinders gegaan.

Op 9 Augustus verjaar Eben en word drie jaar oud. Sy partytjie is oudergewoonte lank voor die tyd (nog voor ek siek geword het) klaar gereël. Alles is klaar gekoop, gemaak en bestel, en die maatjies is lankal uitgenooi na die lekkerste partytjie met George van Peppa Pig as tema. (Hy is steeds gaande oor George Pig.) Ons het die mooiste dekor en pakkies vir die partytjie. Ons kinders is teen dié tyd al gewoond daaraan dat hul verjaarsdagpartytjies vir ons baie belangrik is en dat ons groot moeite daarmee doen. Beide het dus natuurlik uitgesien na baie maatjies en speel en kuier die hele dag lank soos gewoonlik. Maar toe is ek te siek om al die voorbereidings voor die



partytjie te doen en ek het ook nie kans gesien vir al die baie mense nie. So die partytjie neem toe 'n heeltemal ander vorm aan.

Ek en Gerrit besluit saam om al die maatjies se partytjepakkies by hul huise te gaan aflaai en nie meer 'n groot partytjie te hou nie. Ons hou wel iets kleins by die huis saam met net die twee oumas en oupas en die naaste familie. Dit is glad nie wat ek vir hom beplan het nie, maar dit is steeds kosbaar, en ons maak dit nog steeds vir hom baie lekker, mooi en spesiaal. Al sy maatjies bederf hom steeds met geskenkies en lekkernye, en hy het 'n heerlike bederfdag. Ek voel natuurlik so skuldig dat dit nie is soos beplan nie, maar sy hartjie is gelukkig en hy lag van oor tot oor. Op die ou end is dit al wat regtig vir my belangrik is.



Eben se George Pig verjaarsdagpartytjie



# 23

31 Oktober 2022 breek uiteindelik aan – my laaste chemo-sessie, en dan is dit alles verby. Of is dit? Nee, nog lank nie, Tarina. Die laaste chemo-sessie verniel my nog 'n laaste keer; ek voel baie sleg van naardeid, hoofpyn, krampe, lyfseer en diarree. Maar ek byt vas; dit is die laaste keer.



My laaste chemoterapie-sessie

Hierna word ek terugverwys na prof. Carol-Ann Benn by Milpark Hospitaal se Breast Care Centre. Sy gee aan my die goeie nuus dat ek uitstekend op die chemoterapie gereageer het en dat my gewas met 95% gekrimp het. My Ki67-telling (die tempo waarteen die kanker groei en ontwikkel) het verminder van 95% na 6%. Dit is ongelooflike nuus en so 'n groot wonderwerk uit God se hand. Prof. Benn verduidelik verder aan my dat dit nie nodig is om 'n mastektomie te doen en my hele bors of altwee borste te verwyder nie, maar dat 'n lumpektomie wel gedoen moet word, sodat die dooie kankerweefsel en die kliere



wat geaffekteer is, verwyder kan word. Dit word dus net chirurgies uit my bors verwyder en ek verloor nie my hele bors nie.



Hierdie plakkaat hang teen die muur in prof Carol-Ann Benn se kamers in die Breast Care Centre of Excellence by Milpark Hospitaal – Hoe powerful is dit nie!

Vandaar moet ek vir dr. Barend van den Berg gaan sien; hy is die plastiese / rekonstruksie-chirurg. Ek het aanvanklik glad nie verstaan waarom ek die rekonstruksie-chirurg moet sien nie. Ek wou net die kanker uit my lyf uit hê, en op daardie stadium het ek geensins omgee hoe ek na die tyd gaan lyk nie.

Dr. Barend (Afrikaanse boerenaam, maar so modern English Jo'burger as wat jy kan kry) is baie nice, en verduidelik rustig vir my en Gerrit dat daar 'n klomp weefsel aan my regterbors weggesny gaan word. Die bors moet dan gelig word om weer in verhouding met my lyf te wees. Presies dieselfde moet ook met die linkersuster gebeur, aangesien ek silly, scary, ongebalanseerd en *freakish* gaan lyk as ek dit nie doen nie.



Die dokter vertel vir ons dat dit my nie noodwendig nou dadelik gaan pla as ek nie die ander bors ook doen nie, maar oor 'n paar maande gaan ek anders lyk en voel oor myself. Hy verduidelik verder dat rekonstruktiewe chirurgie 'n groot impak het op vroue met borskanker se uiteindelijke fisiese herstel, maar ook die opbou van hulle selfbeeld na 'n tydperk wat jou liggaam, siel en emosies baie erg afgetakel is. Die verduideliking maak vir my en Gerrit sin, en ons stem in tot die rekonstruktiewe prosedure aan beide borste.

Dr. Van den Berg laat my in sy ondersoekkamer ingaan en ek moet al my klere bolangs uittrek – maar daar is geen skrapse jurkie om bo-oor aan te trek soos wat ek teen dié tyd al gewoon is nie. Nee wat *all natural* met geen bedekking oor my nie staan ek voor die aantreklike dokter wat baie korter as ek is. Soos hy voor my staan en afmetings doen en penstrepe oor my trek, kyk ek in die bokant van sy kop vas. Sy gesig is letterlik tussen my boesems as hy my ondersoek, en ek kyk af op hom so kort is hy. *Most embarrassing moment ever.*

Nadat hy sy foto's geneem en sy strepies op my kaal bolyf getrek het, begin hy baie vriendelik oor ditjies en datjies gesels, terwyl ek wens die aarde wil my net insluk. My logge lyf en hangtieties wat as gevolg van twee swangerskappe en heeltemal te veel *pizza, cheese burgers en milkshakes* maar erge haelskade opgedoen het, is te groot om agter die verskoning van 'n lakentjie op die bed weg te kruip. Die dokter behandel my uiters professioneel; my kaal lyf en twee susters kan hom duidelik min skeel – dis iets wat hy elke dag sien. My bloedrooi gebloosde wange en ongemak lyk nie of dit enigsins iets is wat hom bekommer of motiveer om vinniger klaar te kekkel nie.

Uiteindelik kry ek die groen lig om aan te trek, en weer by Gerrit in die kantoor te gaan sit. Die operasie word bespreek vir 7 Desember 2022 en ek kry 'n hele lys do's en don'ts wat ek voor die operasie moet deurwerk.



Dis gelukkig Desember vakansie en die *kiddies* gaan kuier te lekker vir die week by ouma en oupa op Grootvlei. Ek is dankbaar dat die kinders by oupa en ouma kan gaan kuier, want dan is ons rustig en weet ook dat hulle rustig en versorg is. Hulle kuier vir 'n week, aangesien ek nie wou hê dat hulle by die huis moet wees as ek uit die hospitaal kom met pype, dreins en verbande orals nie. Veral Christelle is maar 'n sensitiewe sieletjie wat vinnig ontsteld raak. Ek wil hulle nie nog hieraan ook blootstel nie.

## 24

Ons is reg vir die operasiedag en ry donsvormdag uit Secunda om sesuur die oggend by Milpark Hospitaal in Johannesburg te wees. Alles is goed gereël, en ons stap omtrent net deur na die saal. Dit voel na 'n ewigheid voor hulle my uiteindelik kom haal om teater toe te gaan. Ek is skrikkerig maar ook rustig. Ek was blykbaar nie te lank in die teater nie, maar 'n enorme vier uur lank in *recovery* – en arme Gerrit sit voor die teater se deur en wag vir my, te bang hy mis my as hy loop om vir hom iets te ete of te drink te gaan kry. Ai, die wonderlike man van my.



Die dag na my lumpektomie-operasie, steeds in die hospitaal



Terug in die saal is ek 'n bietjie ongemaklik met die twee dreins in, maar ek kan eerlikwaar nie sê dat dit seer is nie. Die dokter kom lig ons in dat die operasie goed verloop het. Ek moet twee aande in die hospitaal bly om seker te maak alles is reg en verloop soos dit moet. Ek kry al my post-operatiewe instruksies en daarna kan ek huis toe gaan met my twee nuwe beste maatjies (die dreins) wat ek in 'n sakkie orals saam met my moet rondra.

Die dreins moet een keer per dag op dieselfde tyd leeggemaak en die vloeistof gemeet word. Hoe minder vloeistof daar dreineer, hoe nader is ek aan die dag wat die dreins uitgehaal kan word. Gerrit pas my soos goud op. Ek mag na niks uitrek of strek nie en ek mag niks optel nie. Hy help my elke dag om die wonde te versorg – hy help my eintlik met alles. Ek mag slegs op my rug lê en geensins op my sye nie. Dis moeilik om te slaap – die dreins is oral in die pad en ek is heelyd bang dit gaan aan iets hak en uittrek. Ek kan ook nie bad nie, want die verbande en dreins mag nie nat word nie. Die week na die operasie was regtig meer net 'n pyn in die agterent as wat dit seer was.

Na 'n week gaan ons terug Milpark Hospitaal toe. Die dreins kom uiteindelik uit, die wonde word mooi skoongemaak, versorg, en nuwe verbande word opgesit. Nou mag ek bad, maar die wonde en verbande moet steeds droog bly en net een keer per week vervang en skoongemaak word. Dit gaan baie goed en ek het niks seer nie, maar ek is geïrriteerd, want ek is nie baie beweeglik nie, en elke keer as ek iets wil doen, vat iemand dit by my oor. Ja, ja, ek weet hulle bedoel dit goed en hulle is net lief vir my, maar sjoe, dit is nogal erg frustrerend.

In die tussentyd begin my hare stelselmatig teruggroei en dit lyk soos fyn babahaartjies. Dit is vreeslik warm en ek dra my mus al minder.



Die chemo is verby; die operasie is verby; maar nog is dit nie die einde nie. Ons is darem al een stap nader, en ek byt steeds vas.



My hare begin teruggroei en ek dra met trots nie meer my mussies nie.

## 25

Drie weke na my lumpektomie-operasie is ek vir 'n afspraak by dr. Karen Motilall by Busamed Hospitaal se onkologie-eenheid in Modderfontein, Johannesburg. Bestraling is die volgende stap, en dr. Motilall, 'n baie vriendelike en bekwame Indiër-dame is my bestralingsonkoloog. Sy gesels graag en is baie besorgd oor en lief vir haar pasiënte. Sy verduidelik die bestralingspad baie deeglik en spesifiek ook wat ek kan verwag. Ek moet vir ses weke lank (31 sessies) elke dag behalwe Saterdag en Sondag bestraling kry. Secunda het nie 'n bestralings-eenheid nie, so dit kan slegs in Modderfontein by Busamed Hospitaal gebeur, aangesien dit die naaste aan ons huis is.



My moed sak in my skoene – dit is net voor Kersfees. Maar dr. Motilall stel my gerus: die bestraling begin eers in Januarie, want al my operasiewonde moet eers heeltemal genees. Nou trek my keel selfs nog meer toe van spanning en ongeloof. Ek het 'n graad een parrabeen wat in Januarie met groot skool begin. Dit is so 'n groot en belangrike tyd in haar lewe. Gaan ek dit mis? Hoe gaan ek myself ooit daarvoor vergewe as ek dit mis? Hoe gaan ek dit aan haar verduidelik en haar in die oë kyk as ek vir haar sê dat ek nie vir haar daar gaan wees op haar eerste dag in graad 1 nie?

Ek het miljoene vrae, en selfs nog meer dinge in my kop waaraan ek dink. Dr. Motilall sien seker die skok en hartseer in my lyftaal en oë en vra of ek oukei is. Ek verduidelik aan haar my vrese en kommer oor Christelle wat met graad 1 begin en oor die lank van die huis af weg wees. Die chemo en operasie was rof, maar ek was steeds by die huis en het my gesin elke dag gesien. Om by jou geliefdes te wees, maak alles beter en makliker.

Ek voel meer gerus toe sy my verseker dat die bestraling eers teen die einde van Januarie (as al my wonde mooi genees het) sal begin en tot middel Maart duur. Dit is basies die hele eerste kwartaal. Dis steeds rof, maar dis darem beter. Ek mis vir niks my dogtertjie se eerste dag in graad 1 nie. Verder sal ons planne maak soos dit kom, en ons sal net een dag op 'n slag hanteer. Ons het sover gekom, ons sal dit wat volg ook kan hanteer.

Ek het myself aan die begin van my kankerreis belowe dat ek, met gebed en genade van God, teen Kersfees gesond sal wees. Ek het dit geglo, en ek het vasgehou aan daardie hoop. Die Here was vir my ongelooflik goed – ek was wel wonderbaarlik teen Kersfees 2022 gesond. Al die kanker is verwyder en my toetsuitslae het so goed



gelyk. Ek was dankbaar in oorfloed – hoop en genade het oorwin. Nou is dit net die laaste paar bruggies om te oorkom vir volle genesing en om te verseker dat die kanker nie weer terugkom nie.

Ek en Gerrit begin dink aan planne om die volgende ses weke van bestraling te hanteer en hoe ons dit gaan laat werk. Die pad tot hier was baie moeilik, maar ek is eerlik as ek sê dat niks daarvan ooit vir my so erg was soos wat ek gedink het dit kan of gaan wees nie. Dit voel vir my of die volgende stap vir my die moeilikste en langste gaan wees, omdat ek nie by die huis gaan wees nie en nie my man en kinders elke dag sal kan sien nie. Ek gesels met baie mense en dit help my om myself moed in te praat.

Ek vra myself af: Wat is ses weke in vergelyking met die res van my lewe?

Ek moet deurdruk met die volgende stap in die paar weke wat volg, sodat ek vir 'n baie lang tyd daarna nog gespaar kan wees, sodat ek daar kan wees vir elke netbal- en rugbywedstryd, konsert, atletiek, ensomeer, en ook sodat ek nog baie ure kan help met huiswerk, take en redenaarspraatjies. Ek wil nog baie jare aktief deel wees van my man, kinders en familie se lewens. Vasbyt, Tarina, vasbyt!!

## 26

Ons vier 'n heerlike Kersfees saam met familie met die wete dat ek gesond is en dat daar net goeie jare vir ons voorlê. Ons is dankbaar vir die moeilike jaar waarin ons soveel waardevolle lesse geleer het en soveel nader aan mekaar begin leef het. Ons loof en prys God vir my genesing en vir al die ander mildelike seëninge wat ons uit God se vaderhand ontvang het. Kersfees is vir ons so 'n groot seëning



en herinnering daaraan dat God vir ons gebore is om al ons laste op Hom te neem. Ons besef net weer die wonder van gesondheid, familie en tyd saam en prys God daarvoor.



Kersfees 2022 saam as gesin

Ons hou 'n pragtige verjaarsdagpartytjie met Rio-papegaaie as tema vir Christelle wat 7 jaar oud word. Ek voel baie beter en beplan weer *all out* aan hierdie lekker partytjie. Die vreugde en tevredenheid op my dogtertjie se gesiggie by die partytjie is die grootste *blessing* en laat my net weereens besef waaroor die lewe eintlik gaan. Ek is so verlig en dankbaar dat ek weer in die posisie is om 'n verjaarsdag super spesiaal te maak.



Christelle se Rio-papegaaipartytjie



Op 10 Januarie 2023 is ek saam met Gerrit en Christelle by die oriënteringsdag en by haar eerste dag in graad 1, en dit is wonderlik – een van die beste en trotsste dae van my hele lewe. Ek spandeer die eerste twee weke van graad 1 elke oomblik wat ek kan saam met haar en Eben. Ek trek al haar boeke self oor en help haar met huiswerk. Teen die tyd wat die bestraling begin, is haar huiswerkroetine gevestig en Gerrit het 100% beheer oor die huishouding en die kinders soos nog altyd vantevore.



Eerste dag in graad 1

Hy neem sy jaarlikse verlof gedurende hierdie tyd sodat hy self voltyds na die kinders se versorging kan omsien. Ouma is natuurlik ook weer daar om 'n handjie by te sit en 'n ekstra drukkie of twee te gee; dit help baie, veral met emosionele ondersteuning.

27

Einde Januarie 2023 begin my 31 sessies bestraling. Ek bly vir die ses weke by my swaer Leon en skoonsussie Corlia in Kempton Park, so min of meer 15 km van Busamed Hospitaal af. Maar elke naweek gaan



ek huis toe. Ek kry elke dag min of meer op dieselfde tyd 10 minute bestraling. Dit neem letterlik langer om van Corlia-hulle af hospitaal toe te ry as wat die bestralingsessie neem.

My afspraak is op 'n Maandag laatmiddag geskeduleer sodat ek eers die middag van die huis af kan vertrek Kempton Park toe, en Vrydag is dit vroegoggend geskeduleer sodat ek weer lekker vroeg in die pad kan val huis toe. Vrydae is ek gewoonlik voor elfuur al by die huis en kan die kinders by die skool gaan haal. Dit is elke Vrydag na skool 'n opgewonde weersiens en ek lewe in dié tyd net vir naweke.

Ek het heerlik by Leon en Corlia gekuier en deurentyd welkom gevoel al was dit nie my eie huis nie. Ek was dankbaar dat ons daarteen besluit het om in 'n gastehuis na aan die hospitaal te gaan woon; ek sou te eensaam en depressief geraak het. By Corlia-hulle het ons lang ure gesit en kuier en baie gelag. Gerrit, die kinders en my ma het baie goed aangegaan, en alles was eintlik goed onder beheer gewees.

Die personeel en dr. Motilall by Busamed Hospitaal was bekwaam en vriendelik en het naderhand soos familie begin voel. Ek het vriende geraak met baie mense wat ek in dié tyd ontmoet het – personeel en ander pasiënte wat ook daar was vir bestraling.

Ek het ander mense se stories gehoor en net weer besef hoe bevoorreg ek is – met my gesondheid, maar ook in terme van my hulpbronne en ondersteuningstelsels. Daar is hoeveel mense daar buite wat nie mediese fondse of enigsins fondse het vir al die peperduur toetse en behandeling nie.



Ek kla oor my vier nagte per week van die huis af vir ses weke lank. Maar nadat ek met 'n ouerige oom gesels het, lyk my klagtes onbenullig. Hy is al 12 weke lank weg van die huis en van sy gesin af, want hy het nie die fondse om heen en weer tussen sy huis en die hospitaal te reis nie en woon vir die totale 36 weke van sy bestraling in 'n hostel in 'n baie gevaarlike deel van Johannesburg.

Die oom maak gebruik van die hospitaal se gratis pendeldiens, maar is afhanklik van baie ander wat ook van dieselfde diens gebruik maak. Hy word voor sesuur in die oggend met 'n bussie by sy hostel opgelaai en moet dan saamry tot al die ander mense wat behandeling ontvang oor 'n groot area ook opgelaai is. Dan ry hulle Busamed toe en moet daar wag tot almal klaar hul behandeling ontvang het voor hulle kan huis toe gaan. Die oom kom soms eers saans negeuur by sy hostel nadat al die ander mense afgelaai is. Hy spandeer die hele dag by die hospitaal vir 10 minute se bestraling.

So hoor ek baie mense se stories en besef weereens hoe groot die genade is wat in oorfloed oor my uitgestort is. Ek het nie genoeg woorde om my dankbaarheid te beskryf nie, maar ek het ek 'n knop in my keel as ek dink aan so baie mense wie se situasie heeltewel anders uitdraai omdat hulle nie in dieselfde posisie as ek is nie.

Die Here het 'n pad met soveel meer as 'n fisiese kankerstryd met my gestap; ek het ook geleer van empatie vir en kameraadskap met my medekankerlyers wat die pad saam met my gestap het. Ons was almal saam in dieselfde kanker bootjie, ongeag ras, klas, ouderdom, geslag of ekonomiese posisie.

Ek dink aan die oom van 88 wat altyd in die stoel oorkant my gesit het, terwyl ons chemo gekry het. Hy was altyd so positief en vol grappies en



geselsies. Tydens een van my chemo-sessies het ek geslaap en moes badkamer toe gaan toe ek wakker word. My kop was dronk en deurmekaar, en ek moes met my drupstaander tussen 'n paar mense se stoele deur beweeg om by die badkamer te kom. Die gawe oom (ek weet nie eens wat sy naam is nie en ons het altyd so lekker gesels) het opgestaan en vir my die badkamer se deur oopgemaak. Toe staan hy buite die deur vir my en wag om seker te maak ek val nie as gevolg van die duiseligheid nie. Hy het weer die deur vir my oopgemaak toe ek klaar was en saam met my gestap tot by my stoel. Hoe ongelooflik! Hy is 88 jaar oud en baie sieker en swakker as ek, maar hy staan spesiaal op om my te help en ondersteun. Die tranes stort weer oor my wange. Kameraadskap in kanker – dit is iets wat niemand sal verstaan as jy nie self of saam met 'n geliefde daardeur is nie. Dit is die dinge wat die lewe sin en betekenis gee. Omgee en liefde vir mekaar – dit is waaroor die lewe gaan, en ek dink dit is wat God wou hê toe hy die mens geskape het.

Ons almal is siek en ons het mekaar nodig. Ons het soos 'n familie geword – saam gehuil, saam gelag en sommige van ons het saam daardeur gekom. Dit is met groot hartseer wat ek dink aan die vriende wat ek gedurende ons gesamentlike kankerstryd ontmoet het, nog engele wat die Here op my pad gestuur het, wat nie die stryd enduit kon voer en met oorwinning kon uitstap nie. Ek dien en eer elkeen van hulle en hul families met my storie, want hulle het 'n moedige en dapper stryd gestry. Ek kan hulle net salueer en eer daarvoor, want sonder hulle sou ek nie my getuienis vandag kon lewer nie.

28

Dit was toe wel vir my die moeilikste deel van die hele kankerpad, maar alles het baie goed verloop. Ek het met tye depressief en



*homesick* geraak , maar ek het darem twee keer per dag met my ma, Gerrit en die kinders gesels. Die bestraling maak 'n mens baie moeg en verg baie energie, en die op en af ryery tussen Secunda en Kempton Park het ook 'n groot rol gespeel.

Teen week drie van die bestraling begin my vel brand. Dit is niks ernstig nie en is nie seer nie; dit voel net soos erge sonbrand. Die warm weer maak dit soms 'n bietjie ongemaklik, maar die bestraling is sowaar niks in vergelyking met die chemo nie. Al wat baie erg is, is die verlange huis toe.

Gedurende my bestralingstydperk handel ek al my uitstaande forensiese verslae af, lees baie boeke, doen *scrapbooking* en verf drie groot *paint by numbers*-skilderye. Die ses weke vlieg om en kort voor lank is die bestraling klaar en is ek weer uit en tuis by my eie huis. Nog iets op die lysie wat ons kan afmerk.



My laaste van 31 sessies bestraling

Na die bestraling moet ek weer na prof. Rapoport gaan vir wat ek gedink het net 'n *checkup* is. Tot my skok is dit egter steeds nie die



einde nie. Hy verduidelik dat ek nou met orale chemo moet begin. Dit is basies chemoterapie in die vorm van 'n tablet wat ek elke dag vir twee weke lank moet drink; dan breek ek 'n week en begin weer met die volgende siklus. Ek moet die chemo-tablette agt maande lank gebruik.

Prof. Rapoport verduidelik dat die kans vir hierdie spesifieke tipe kanker wat ek het om binne vyf jaar na behandeling terug te keer baie groot is. Ons moet dus alles wat moontlik is doen om voorsorg te tref dat dit nie terugkom nie – en daarom die verdere agt maande se chemo.

Ai, my moed is wraggies weer in my skoene. Na die afspraak sit ek in die kar en dink: Ai tog, kry dit dan nooit einde nie? Ek is egter nog steeds in 'n baie beter posisie as baie ander mense wat dieselfde stryd stry. Ek kan nie anders nie as om op daardie oomblik te dink aan 'n goeie vriendin van my wat ek gedurende my eerste chemo-sessie ontmoet het.

Ek en Serene het op dieselfde dag begin met chemo vir presies dieselfde soort kanker. Ons het al ons chemo-sessies op dieselfde dag gekry en groot vriende geraak. Sy was 'n bietjie ouer as ek en haar kinders was reeds volwasse en uit die huis uit. Serene het baie swaar gekry en het ook baie siek geword van die chemo, maar ons het mekaar altyd baie moed ingepraat.

Net voor ek met bestraling begin het, het ek vir Serene by prof. Benn se kamers raakgeloop. Sy het my vertel dat haar kanker terug was – hierdie keer 'n ander tipe kanker en in die ander bors. Die kanker het teruggekeer nog voor sy eens heeltemal herstel het van haar operasie, en voor sy nog met haar bestraling kon begin.



Ek was geskok en gebreek oor die slegte nuus. 'n Mens raak so geheg aan die mense wat saam met jou die pad stap en dieselfde stryd stry. Dit is regtig soos 'n tipe sisterhood wat ons gevorm het, want die een weet presies waardeur die ander een gaan, en so ondersteun ons mekaar in elke stap. Ek, Serene en Marlinné het mekaar deur dik en dun gedra. Marlinné was so drie siklusse agter ons en sy was amper helfte my ouderdom, maar ons het ook dadelik connect. En nou dit? "Ai, Here, hoekom gebeur dit?" twyfel ek weer.

Dis so 'n vreemde gevoel wat 'n mens kry elke keer as jy van iemand hoor wat nie goeie uitslae gekry het nie of wat 'n terugslag gehad het of aan kanker dood is. Dis 'n angstigheid wat jy nie kan beskryf nie. Selfs die dag toe ek by prof. Rapoport se kamers verby die lokaal stap en sien hoe 'n paar mense chemo ontvang, het ek paniekerig geraak, baie vinnig asemgehaal en gevoel of ek 'n angsaanval kry, amper soos die dag toe ek die eerste keer by prof. Rapoport uitgestap het.

Nie lank na dié dag nie sou ek agterkom dit is die gevoel wat 'n mens kry met elke scan, sonar of opvolgbesoek aan iemand in die onkologielyn. Selfs al is jy gesond, is jy heelyd bewus van iets wat soos 'n swaard oor jou kop hang. En jy is bang ... Bang om weer slegte nuus te kry, maar banger omdat jy nou presies weet hoe die pad lyk en wat op jou wag as jy weer 'n kankerdiagnose kry. Genadiglik sal my geloof in God se barmhartige hand van bewaring en beskerming oor my baie sterker wees as ek weer hierdeur moet gaan.

Ek besluit om myself weer bymekaar te trek en vas te byt. Dis net nog 'n stap in die rigting van volkome genesing. Die Here het my



tot hier gedra, Hy sal my mos nooit as te nimmer nou los om alleen voort te gaan nie. Voor ek my kar aansluit om huis toe te ry, bid ek vir Serene maar ook vir soveel ander wat steeds die stryd stry, en vir ander wat moedig geveg het tot die einde maar nie die oorwinning behaal het nie. Ek loof en prys God omdat ek nog steeds leef en gesond is. Ek eer Hom vir die genesing en vernuwung wat Hy reeds in my lewe gebring het. Dit wat nou verder gedoen moet word, is bloot voorkomend – en vasbyt sal ek weer vasbyt. *Here we go again.*

By die huis gekom, lees ek die instruksies in die voubiljet – ek moet 5 pille van 500 mg elk twee maal per dag drink. Dit is 5 000 mg per dag. Dit is vreksterk pille, maar nou ja, die aand na ete sluk ek my 5 pille wat soos bomme voel so groot is dit. Ek kry ook premedikasie om saam met die 5 chemo-pille te drink vir die moontlike naarheid, hoofpyn en ander nuwe-effekte. Dit is 'n stewige hand vol pille. Ek klim in die bed en hoop en bid vir die beste.

Ek het weer 'n pak leesstof gekry oor die hele string nuwe-effekte wat ek moontlik van hierdie chemo-pille kan kry. Terwyl ek in die bed lê en lees, voel ek hoe die angstigheid weer vastrapplek soek in my binneste, maar ek raak naderhand aan die slaap.

Tweeuur in die oggend is nie 'n goeie tyd nie. Toe ek wakker word, onthou ek skielik vaagweg ek het iewers gelees 'n mens is op jou swakste en weerloosste tussen twaalfuur in die nag en drieuur in die oggend. Dit is ook tyd wanneer die meeste motorongelukke gebeur, en die meeste mense sterf in daardie tyd. Dit is ook elke keer die tyd wanneer ek na elke chemo-sessie begin siek word: klokslag min of meer tweeuur die oggend, elke keer. Die feit dat dit nou 'n chemopil is en nie chemo deur 'n drup nie maak geen verskil nie. Dieselfde siek, naar gevoel tref my tweeuur daardie oggend, net soos na my



eerste chemo-sessie. Die ure kruip verby. My kop wil bars. Ek is naer maar braak nie. Ek het krampe oral in my lyf en dit voel of dit net nooit gaan ophou nie. Teen negeuur die oggend moet ek iets eet en die volgende 5 pille drink – nog 2 500 mg. Ek kan nie, daar is geen manier nie. Ek voel so sleg en is so naer dat ek nie eens 'n slukkie water in die oë kan kyk nie.

Toe dit lig raak, bel ek vir Andrea by prof. Rapoport se kamers en vertel haar van die aaklige nag. Sy sê die dosis is heeltemal te hoog vir my. Die dokter begin gewoonlik op die hoogste dosis en kyk wat die pasiënt se liggaam kan hanteer, en bring dit dan stelselmatig af tot waar dit hanteerbaar is. Ek moet drie dae rus en herstel van die groot skok op my gestel en eers oor die naerheid en siek gevoel kom; daarna moet ek weer die pille begin drink, maar dié keer net drie pille twee keer per dag. Ek is so dankbaar dat ek nie weer dieselfde dag die pille hoef te drink nie, maar ek vrees alreeds die oomblik drie dae later wanneer ek dit moet sluk.

Van hier af gaan dinge baie goed. Ek is so dankbaar, want die verminderde dosis maak my glad nie weer siek nie. Ek voel nooit weer die intense siek, naer gevoel nie. Ek is effens naer en raak vinnig moeg, maar dit is niks in vergelyking met die eerste keer nie. Ek besoek die prof elke drie weke om pille vir die volgende van agt siklusse te kry, maar my dosis bly deurentyd dieselfde. Voor elke nuwe siklus chemo word my bloed getoets om seker te maak my witbloed telling is reg vir die volgende siklus chemo.



Dinge keer stelselmatig terug na normaal. Ek begin weer werk en hervat dieselfde roetine as voor ek opgehou het met werk om met die kankerbehandeling te begin. Party dae is ek moeg, maar dit is so lekker om net weer buite die huis te wees en nie meer so gereeld by doktersafsprake nie. Dit is so lekker om weer te werk en te voel of jy 'n verskil maak. My hare begin weer uitgroeï al vertraag die chemopille die groei effens. My selfbeeld verbeter en ek begin weer voel of ek saak maak in ander mense se lewe.

Die werk begin my weer stelselmatig insluk en oorweldig, maar ek werk hard daaraan om 'n gesonde balans tussen werk en lewe in stand te hou al is daar kere wat die duiwel so vir oulaas probeer om my aan te val en weer in myself en die Here te laat twyfel.

Een Saterdagoggend is ek en Christelle by 'n skool waar sy aan mininetbal deelneem. My hare het al goed uitgegroeï en ek is nogal heel trots daarop, maar dit is steeds baie kort (dalk min of meer 2 cm lank). Ek dra my mussies en hoedjies al hoe minder omdat dit so warm is en ek die hoedjies nie in die hitte op my kop kan hanteer nie.

Ek en Christelle staan by een van die kosstalletjies in die ry om voor haar wedstryd vir ons iets te ete te koop. Twee pragtige jong vroue kom van voor af. Hulle het hul skool se ondersteuningshemde aan en lyk baie goed met hulle denimbroeke wat blink van die *glitter* en hulle fancy hoëhakskoene. Beide staar my aan terwyl hulle verby ons loop en agter ons in die ry gaan staan met twee mense tussen hulle en ons. So naïef soos ek is, dink ek dat hulle seker maar neersien op ons klein skooltjie wat ook aan die dag kom deelneem het. Ek het



ons skool se ondersteuningshemp, 'n denim en tekkies aan – sonder my hoedjie. Ek dink nie eens daaraan dat hulle na my staar oor hoe ek lyk nie.

Maar toe begin die twee vroue openlik oor my skinder, so hard dat ek elke woord duidelik kan hoor: “Sjoe, kyk daardie freak. Watse *statement* probeer sy nou eintlik maak met die kort hare wat soos 'n man s'n afgeskeer is? Sy is seker 'n *lesbian*. Moet wees, want dit is mos net hulle wat sulke *statements* in die openbaar probeer maak. Die arme dogtertjie; wat moet sy dink van hierdie belaglike ma van haar wat so lyk voor haar skool en maatjies.” Ek luister na hulle en besef onmiddellik dat hulle my bespreek.

Ek is so geskok en seergemaak. Na die tyd het ek aan so baie goed gedink wat ek vir hulle sou wou vertel, maar op daardie stadium was ek net woordeloos van skok en teleurstelling in mense. Ek voel na huil en wil net wegkom uit daardie ry, weg van hulle af. Is dit wat mense nog die heelyd van my dink?

Ek is glad nie iemand wat diskrimineer nie, en ek glo elke liewe mens – swart, wit, pers, pienk, gay, *straight*, lesbies, gesond, siek, gebreklik, lank, kort, met 'n krom neus of lang voete of wat ook al – verdien 'n regverdige kans op geluk in die lewe. Wie op aarde gee hulle die reg om so openlik in die openbaar te oordeel en ander mense te bespreek? Het hulle met hulle perfekte lywe en hare, baie geld en aansien, nie ook dinge wat nie perfek is nie? Of dink hulle net so baie van hulself dat hulle nie omgee oor ander mense nie?

My hart is so seer, en al wat ek kan dink, is: Ek is maar net wie ek is, en ek is nie perfek nie, maar as julle maar net geweet het. Op daardie spesifieke oomblik dink ek aan die woorde van die liedjie



“This is me” uit die bekende flik *The Greatest Showman*. Ek sing dit onwillekeurig in my gedagtes en identifiseer 100% daarmee.

When the sharpest words want to cut me down.  
I’m going to send a flood, going to drown them out.

**I AM BRAVE.**

I am bruised.  
I am who I’m meant to be.

**THIS IS ME!**

Look out, cause here I come.  
And I am marching on to the beat I drum.  
I’m not scared to be seen.  
I make no apologies.

**THIS IS ME!**



**THIS IS ME!**

Later die naweek, en lank na die tyd nog, dink ek aan wat ek alles vir hulle sou wou sê, maar al wat eintlik belangrik is, is vir my om te weet my kind dink baie van my. Ek dink sy is trots daarop dat haar mamma nooit gaan lê het nie maar aanhou veg het om gesond te word, om



haar vandag te kan ondersteun by haar netbalwedstryd en om ook vir nog baie jare wat kom daar te kan wees vir haar. Ek dink nie die kort hare pla haar nie, want ek glo en hoop dit is vir haar 'n teken van 'n swaar tyd en stryd waardeur ons almal gegaan het en waarna ons nou, na die oorwinning daarvan, kan terugkyk met baie hoop en dankbaarheid in ons harte.

## 31

Daar is twee tipes vroue in die wêreld: dié wat al borskanker gehad het of steeds het, en dié vir wie daar altyd 'n groot moontlikheid bestaan dat hulle ook met borskanker (of enige ander tipe kanker) gediagnoseer kan word. Kanker diskrimineer nie, en dit raak elkeen van ons op een of ander wyse. Kanker bring egter ook nuwe insigte, en dit bring ons nader aan mekaar. 'n Kankerdiagnose van 'n geliefde of vriend skep bewusmaking by baie mense en ook die besef dat jy mooi na jouself moet omsien. Gaan gereeld vir roetine-*checkups* en mammogramme; moenie jouself afskeep nie; wees bedag op jou gesondheid en moenie die tekens wat jou liggaam aan jou gee, ignoreer nie.

So baie mense het na my diagnose groot geskrik en ook gegaan vir roetine-borsondersoeke en mammogramme. Dit het bewusmaking geskep onder almal wat ek ken, en net dit is al klaar vir my 'n ongelooflik positiewe gevolg van my hele kankerreis. Dit het my niggies en tannies laat besef hoe belangrik dit is, dat hulle na hulself moet kyk en hul gesondheid moet oppas. Ons sterk familiegeskiedenis van kanker, het 'n definitiewe invloed op ons en ons kan nie 'n blinde oog daarvoor gooi nie.



Ek glo daar is 'n doel met elke kankerdiagnose by enige mens, maar veral met myne. Die Here spreek deur my as instrument in ander mense se lewens en maak so 'n groot verskil. Die Here het my wonderbaarlik gesond gemaak van 'n gevreesde siekte, en dit is my verantwoordelikheid en roeping om dit van die hoogste toppe af uit te basuin:

### **God is goed. God is groot. God is almagtig. God is wonderlik.**

Ek wil aan almal vertel van die wonderwerk wat Hy in my hele lewe laat gebeur het – nie net met my fisiese gesondheid nie, maar ook my denkwyse. Al kan net een persoon baat vind by my getuigenis, het ek geslaag in my doel en behoefte om aan God gehoorsaam te wees en sy naam te eer en groot te maak.

## 32

En toe breek my eerste driemaandelikse opvolgafspraak na my kankerbehandeling op 31 Oktober 2023 aan. Ek moet weer soos heel aan die begin deur al die toetse gaan – bloedtoetse, *CT scan*, sonar en mammogram. Ek sit weer gespanne en wag in al die wagkamers, weer met die skrapse jurkie aan wat nie veel aan die verbeelding oorlaat nie. Gelukkig is ek teen hierdie tyd nie meer te erg skaam nie. Ek het lankal besef die mediese personeel wat met al hierdie toetse werk, voel 'n veer vir die haelskade aan jou maag en boude of die paar vetrolle te veel op al die verkeerde plekke. Hulle sien elke dag etlike mense met min of geen klere nie en het 'n werk om te verrig.

My senuwees knaag, en ek is baie bang om weer deur dieselfde prosesse te gaan as heel aan die begin. "Wat as" en "sê nou maar net" maal die heeltyd deur my kop. Is ek sterk genoeg om weer slegte nuus te kan hanteer? Is ek sterk genoeg om weer hierdeur te gaan?



Ja, Tarina, jy is sterk genoeg om enigiets te hanteer wat die Here op jou pad laat gebeur. Dit was 'n rowwe pad, maar ek was nie een tree daarvan alleen gewees nie. God het my met elke tree beskerm en sterker gemaak. Ek het so baie van myself geleer. Ek het soveel nuwe insigte ontdek, en ek het 'n nuwe uitkyk en sin vir dankbaarheid in die lewe gekry.

As ek weer slegte nuus moet kry, sal ek alles weer van voor af doen, presies soos die eerste keer, want dit gaan nie net oor my nie – dit gaan oor wat die Here deur my wil doen, en hoe Hy my as instrument wil gebruik om sy naam groot te maak en te verheerlik. Dit gaan oor hoe die Here my getuie is wil gebruik om ander se lewens aan te raak, op welke manier ook al.

Die toetse is almal klaar, maar soos oudergewoonte mag geen uitslae aan my bekendgemaak word nie. Ek moet wag tot die volgende Vrydag, 3 November 2023, om die uitslae by prof. Rapoport te kry. Gespanne sit ek weer lank en wag om my naam te hoor vir my beurt om in te gaan. Ek is dankbaar en verlig maar ook baie bang toe ek uiteindelik geroep word. Ek groet vir prof en Andrea, en hy vroetel rustig deur 'n klomp papiere in my lêer. Daarna ondersoek hy my, maar praat nie veel meer as om uit te vra oor hoe ek voel en hoe dit met my gaan nie.

Na die fisiese ondersoek gaan sit ons weer by sy lessenaar. Hy kyk met 'n glimlag op – iets wat ek nog nooit vantevore op sy gesig gesien het nie – en sê: "Congratulations, Mrs. Hattingh. You are in remission. I will see you again in six months. Take care."

**In remissie.** Nog nooit het ek gedink dat hierdie twee woorde so 'n diep betekenis en inslag in 'n mens se hele bestaan kan hê nie. Dat hierdie twee woorde soveel hoop en bemoediging kan bring en jou geloof so diep kan wortel en verstewig nie. Dankbaarheid oorval my, en ek huil en huil – hierdie keer nie omdat ek kwaad of seer of moedeloos is nie, maar uit opregte blydskap en dank en lof aan ons grote God. Al wat ek kan sê, is: Dankie, Jesus. Dankie, dankie Jesus. Loof en prys Hom. Prys Hom, halleluja. Amen.



## We have two lives.

### The second begin when we realise we only have one.

Dis waarom ek besluit het om vandag op 4 November 2023 my storie te begin neerskryf en dit te deel met soveel mense soos ek moontlik kan. Ek wil alle eer aan God bring oor die genade, hoop en genesing wat Hy in oorvloed oor my uitgestort het. Ek wil op die bergtoppe staan en sy grote naam uitjubel en skree: Ek is gesond! Ek is **in remissie** Ek het 'n kans om my lewe ten volle te lewe, en dit is presies wat ek gaan doen.


Ek wil graag my lewe daaraan wei om 'n ambassadeur vir God te wees en daar waar ek kan 'n verskil te maak in kankerpatiënte se lewe, al is dit hoe klein. Ek het 'n getuienis om te deel en ek glo dit kan 'n verskil maak in iemand se lewe, al is dit net in een mens se lewe.

Ek dink weer aan Engela se boodskap: "Maybe you have been assigned this mountain to show others that it can be climbed and overcome."

Ek wil dit graag verander na: **Maybe I have been assigned this mountain to show others that it, and every other stumbling block on the way, can be moved by the grace, strength and love of God.**



Dankie dat jy  
saam gelees het.  
Laat ons as vroue  
mekaar ondersteun en  
vir mekaar bid.





# Boesemvriendinne

*Solidariteit Helpende Hand bied  
gebreide prosteses vir vroue wat nie  
'n silikoonprostese of  
borsrekonstruksie kan bekostig nie.*

**Jy kan ook help:**

Besoek [www.boesemvriendinne.co.za](http://www.boesemvriendinne.co.za) en brei  
saam of maak 'n skenking om sodoende 'n  
reuseverskil in 'n vrou se lewe te maak.



“In remissie. Nog nooit het ek gedink dat hierdie twee waarde so 'n diep betekenis en inslag in 'n mens se hele bestaan kan hê nie.”

En toe stuur die Here vir haar die grootste stryd wat sy nog ooit moes stry. 'n Stryd waarop sy nie voorbereid was nie en wat sy nie kon beplan en struktureer soos alles anders in haar lewe nie. Sy kon geen voorsorg tref of 'n plan maak nie. Sy was uitgelewer aan al die prosesse wat moes volg en waaroor sy geen beheer gehad het nie.



Tarina Hattingh is 'n maatskaplike werker – iemand wat veg en alles van haarself gee vir geregtigheid en hulp vir kinders en weerloses wat nie vir hulself kan opstaan nie. Sy is met Gerrit getroud en is Christelle en Eben se mamma. Sy is ook 'n dogter en enigste kind vir haar dierbare ouers, 'n skoonogter, 'n vriendin en 'n dienaar van ons almagtige en wonderlike God en Hemelse Vader.

In 2022 het die struikelblok van 'n kankerdiagnose oor haar pad gekom, iets waarop sy verseker nie voorbereid was nie. In minder as 'n week het haar lewe verander van waar sy alles onder beheer gehad het na 'n situasie waarvoor sy geen beheer gehad het nie, uitgelewer aan elke nuwe uitdaging – en daar was baie. Sy het vir amper twee jaar die grootste fisiese en emosionele worstelstryd van haar lewe gestry, maar God het haar daarvan verlos en vrygemaak. Sy is in remissie en leef 'n vol en wonderlike lewe. Sy is dankbaar vir elke dag wat God aan haar gee, want sy het besef hoe vinnig dit van haar af weggeskeur kan word.

“In remissie. Al wat ek kan sê, is: Dankie, Jesus. Dankie, dankie Jesus. Loof en prys Hom. Prys Hom. Halleluja. Amen.”



SOLIDARITEIT HELPENDE HAND  
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

Boesemvriendinne

Vir meer inligting oor Solidariteit Helpende Hand se Boesemvriendinne-projek, besoek gerus [www.boesemvriendinne.co.za](http://www.boesemvriendinne.co.za)